AANNEMING [2]

Dat ons ons hoofde vanaand buig as ’n kerk, as ’n groep van uitgeroepenes, gelowige mense hier vanaand, om U Woord te onderrig, ons posisioneel in die Liggaam sal plaas, dat waar ons behoort, en waar ons gepas saam kan werk as lede van die Liggaam van Christus.

2 En nou is dit op ons beroep om onmiddellik na God te gaan. En elkeen van ons vaders dink dat, wat as daardie ons klein dogtertjie was, hoe ons harte sou brand en seerkry binne-in ons, en ons sou bel na die kerke om onmiddellik gebed te doen. En ’n sekere vader se hart brand, pyn. Here, mag daardie groot Persoon van die Heilige Gees nou net kom na daardie vader se hart. Neem elke skadu van twyfel weg, en elke pyn, en laat hom weet dat U God is en daar is geen siekte kan staan in U Teenwoordigheid wanneer U Goddelike opdrag uitgevoer is deur U kerk en U mense nie.

3 En soos deur die week, ons wat bid, sedert verlede Sondag het ek gedink oor hierdie wyse of hierdie maniere van gebed. Ons het nie veel van ’n wapen sover as dit vir die wêreld lyk nie, maar hierdie klein slingervel is dodelik wanneer dit gehou word in die vingers van geloof. O Here, mag ons gebede raakslaan, daardie dood daaroorkant wat hang oor daardie kind, en mag dit verpletter word; die duisternis, somberhede weg van die bed van daardie kindjie, daardie baba of kind, klein dogtertjie. En mag die groot Lig van God se Teenwoordigheid daarop skyn. Mag dit vanaf daardie hospitaal kom, ’n gesonde kind.

4 God, ons weet net oorkant die rivier wag ons geliefdes, en dit is salig. Maar ons het ons kleintjies lief. En ons bid, Here, dat vir U glorie, dat U die lewe van daardie kind sal spaar. Ons, as U kerk, bestraf daardie dood, en sê, “Staan stil daaroorkant. Jy kan nie daardie kind neem nie, want ons eis haar lewe vir die koninkryk van God se ontwil.” Skenk hierdie dinge, Here, om reguit na die merk te gaan soos ons hulle stuur, in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser. Amen.

5 Glo ons? Ek weet nie wat ek sou doen as ek nie ’n Christen was nie. Ek sou net nie langer wou bly nie. Daar is niks om voor te lewe nie, net om andere gered te kry, is die beste waarvan ek weet.

6 Nou, vanaand wil ons net ’n bietjie agtergrond begin van ons vorige les. En ek sal probeer om te lees, want, die hele hoofstuk, as ek kan vanaand. So Sondagoggend sal ek miskien beide Sondagoggend en aand indruk, as dit in orde is, om te probeer inkry in hierdie sitting van wat ek die kerk wil laat sien.

O, dis salig om jou posisie te vind! En geen een kan enigiets doen behalwe as jy behoorlik weet wat jy doen nie.

7 Wat as jy sou wees . . . 'n operasie hê, en daar was 'n jong dokter wat net van die skool afgekom het dat hy sou . . . nooit 'n operasie tevore gehad nie. Tog, hy was jonk en aantreklik, en sy hare was glad gekam, en hy was baie goed aangetrek, netjies en alles. En hy het gesê, "Ek het die messe skerpgemaak en ek het al die gereedskap en dinge gesteriliseer." Maar jy sou 'n snaakse klein gevoel daaroor hê. Ek sou liewer 'n ou dokter wou hê wat baie maal tevore deur daardie operasie gegaan het, voordat ek op gesny sou wou word. Ek—ek wil weet iemand nie net uit die skool nie, ek wil iemand met 'n bietjie ondervinding hê.

8 En die Een met die beste ondervinding wat ek ken, om op te beroep vanaand, is die Heilige Gees. Hy is God se groot Geneesheer en groot Onderwyser.

9 En as agtergrond van my Boodskap vanaand, steeds vanaf Sondag se preek, dat dit is . . . Hulle het Samuel verwerp met die Woord van die Here; en Saul aanvaar, die seun van Kis; en Samuel verwerp, wie die Heilige Gees verteenwoordig het, want hy het slegs gespreek soos die Gees hom gelei het om te spreek. En toe hy hulle aandag daarop gevestig het, het hy gesê, "Onthou, ek het nooit niks gesê aan julle in die Naam van die Here behalwe wat die Here dit laat gebeur het nie. Nooit het ek met slegte gedrag voor julle gewandel nie. En geen een kan my van sonde aankla nie."

Soos Jesus gesê het, "Wie kan My van sonde veroordeel?" Sien?

10 En hy het weer gesê dat, "Ek het nie na julle gekom en julle om geld gesmeek ensovoorts nie. Ek het niks van julle geneem nie. Maar alles wat ek gesê het was vir julle ontwil, wat ek aan julle gebring het vanaf die mond van die Here."

11 En al die mense het getuig, "Dis waar. Dis alles waar, maar ons wil steeds 'n koning hê. Ons wil soos die res van die wêreld wees."

12 Nou, vanaand, ons Skrif verdeel die Boek van Efésiërs, is die Boek van Josua van die Nuwe Testament. Dit onderverdeel en rangskik die "oorwinnendes." Nou, dis net 'n agtergrond vir 'n paar minute, om 'n plek te kry voordat ons begin lees, beginnende met die 3de vers. Nou, ons vind verlede Sondagaand dat die . . . God in die Ou Testament het Israel 'n belofte gemaak van 'n land van rus, want hulle het pelgrims en rondlopers geword. En hulle was in 'n land wat nie hulle s'n was nie, en God het beloof deur Abraham dat hy vertoef, sy saad sou vertoef vir vierhonderd jaar in 'n vreemde volk, en sleg behandel word, maar deur 'n sterk hand sou hy hulle uitbring binne-in 'n goeie land wat gevloei het met melk en heuning.

13 En, nou, toe die tyd van die belofte naby gekom het, het God iemand opgerig om hulle na daardie land te bring. Hoeveel in die klas vanaand wie daardie een was. . . weet wie daardie een was? Moses. Let op, 'n baie, baie egte tipe van ons Een wat gegee was om ons te bring na die beloofde Land, Christus. Nou, ons het 'n belofte, want ons belofte is geestelike Rus, waar, hulle s'n was fisiese rus. En so was hulle aan die kom na 'n land wat hulle kon sê, "Hierdie is ons land, ons is nie meer rondlopers nie, ons is gevestig, hierdie is ons land, en hier het ons rus. Ons sal ons mielies plant, ons wingerde, en ons sal eet van ons wingerde. En dan wanneer ons sterf, sal ons dit agterlaat aan ons kinders."

14 O, hoe ons kon ingaan op die land daarvan, die wette van oorerwing, soos Naomi en Rut, Boas. Daardie alles terugbring. Hoe 'n broer in Israel, Hoe dat hy moes . . . enigiets wat hy verloor het moes verlos word deur 'n losser. O, hoe pragtig! Dit sou weke en weke en weke en weke neem, ons sou nooit hierdie hoofstuk verlaat om daarnatoe te gaan nie. Ons kon die hele Bybel reg hierbinne inpas, reg binne-in hierdie een hoofstuk.

15 En, o, ek is net lief om Dit te bestudeer. Ons sou Dit neem, en dit neem vir 'n jaar en 'n half, en nooit 'n Boek verlaat nie. Net reg daarby bly.

16 Nou, maar, dit was so 'n groot ding dat die erfreg, hoe dit was dat 'n erfporsie in die land dat niemand anders behalwe 'n losser daardie erfporsie kon verlos nie. Nou, laat my net raak aan 'n klein teken hier wat ek aangeraak het die ander aand, aan julle moeders. Hoeveel hier het gebid vir julle geliefdes, verlore? Goed. Daar is julle weer, sien, "Julle erfporsie." Sien?

17 Paulus het vir die Romein vertel, gesê, "Glo aan die Here Jesus Christus, en u en u huisgesin sal gered word." As jy genoeg geloof het vir jou eie self om gered te word, hê genoeg geloof, maak nie saak hoe eiesinnig daardie seun is, of daardie dogter is nie, hulle sal in elk geval gered word. God, op een of ander manier! As Hy hulle op hulle rug moet laat lê, daar lê in 'n hospitaal, sterwend, hulle sal gered word. God het dit beloof. Die erfporsie! O! "En hulle sal daar wees," het Jesaja gesê, "en al hulle nakomelinge saam met hulle. Hulle sal nie seermaak of vernietig in My hele heilige berg nie, sê die Here."

18 O, ek het 'n klein plekkie waarby ek hoop ek kan kom vanaand, vir julle. Brand net in my hart, daarvan kom terug daarnatoe.

19 Maar nou, voorwaarts. Dan het julle opgelet Moses, daardie groot wonderwerker wat Israel afgebring het af deur die land, en hulle opgebring het na die beloofde land, maar nie hulle erfporsie aan hulle geplaas het nie? Hy het nie aan hulle hulle erfporsie gegee nie; hy het hulle gelei op na die land, maar Josua het die land aan die mense verdeel. Is dit reg? En Christus het die kerk opgebring na die plek tot waar hulle besitting aan hulle

gemaak is, aan hulle gegee is, net die Jordaan om oor te gaan, maar die Heilige Gees is die Een Wie die kerk in orde stel. Die Josua van vandag stel die kerk in sy orde, gee aan elkeen, gawes, plekke, posisie. En Hy is die Stem van God wat praat deur die innerlike man wat Christus gered het, die Heilige Gees. Nou begryp julle dit sover? Nou gaan ons oor in die Boek van Efésiërs. Nou, dieselfde manier, plaas Hy die kerk posisioneel waar hulle hoort. Nou, Josua het hulle in die natuurlike land geplaas. Nou die Heilige Gees plaas die kerk, posisioneel, in die land, wat hulle, in die posisie waarin hulle behoort, hulle erfporsie.

20 Nou, die eerste ding hy mee begin hier, hy adresseer sy brief, "Paulus." Wie, ons gaan na 'n tydjie uitvind dat hierdie hele geheim aan hom geopenbaar is, nie in 'n kweekskool nie, nie deur enige teoloog nie, maar dit was 'n Goddelike openbaring van die Heilige Gees wat God Paulus gegee het. Wetende dat die geheim van God, het hy gesê, wat verborge was sedert die grondlegging van die wêreld, aan hom geopenbaar is deur die Heilige Gees. En die Heilige Gees onder die mense het elkeen in orde geplaas, die kerk in posisie geplaas.

21 Nou, die eerste ding Paulus begin hier buite om die mense te vertel is om te kry al. . . Onthou, hierdie is aan die kerk, nie die buitestaander nie. Dis 'n geheim in raaisels vir hom, nooit in staat om te verstaan nie, gaan bo-oor sy kop, hy weet nie minder as niks daarvan nie. Maar, vir die kerk, is dit heuning in die rots, dis onuitspreeklike vreugde, dis die blye versekering, dis 'n anker van die siel, dis ons hoop en steun, dis die Rots van die Eeue, o, dis alles wat goed is. Want hemele en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nooit verbygaan nie.

22 Maar die man buitekant Kanaan weet niks daarvan nie, hy dwaal steeds. Sê nie dat hy nie 'n goeie man is nie, ek sê dit nie. Ek sê nie die man selfs in Egipte is nie 'n goeie man nie, maar hy, totdat hy oorgekom het binne-in hierdie besitting.

23 En die besitting, dat, die belofte wat aan die kerk gegee is, is nie 'n natuurlike land nie, maar 'n geestelike land, want ons is 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk. Dan in hierdie koninklike priesterdom, heilige volk, eienaardige mense, uitgeroep, uitverkies, gekies, eenkant gesit, dan is die hele wêreld dood aan die buitekant. En ons word gelei deur die Gees. Seuns en dogters van God word gelei deur die Gees van God; nie deur die mens nie, maar deur die Gees.

24 Alles in liefde, is die hele ding nou opgebondel. Hierdie was baie maal oor probeer onderrig, en geen twyfel dat groot teoloë dit heelwat dieper getref het as wat ek kon. Maar die ding wat ek by julle wil probeer kry is dit, dat 'n man wat in Christus is, met die Heilige Gees, kan 'n man verdra wanneer hy verkeerd is, lankmoedig, sagmoedig, geduldig. Hy is aangenaam, nederig,

getrou, gevul met die Gees, nooit negatief nie, altyd positief. Hy is 'n ander persoon.

25 Nie net 'n man wat, "Ons het dit eenmaal gehad. As ons geskree het, ons het dit gehad, ons Metodiste. O, wanneer ons geskree het, was ons in die Land." Dis goed, dis alles reg, ek glo dit ook.

26 Toe het die Pinkster aangekom pratende in tale, hulle, "Het dit gehad; elkeen met tale gepraat het, het dit gehad." Ek glo dit ook. Maar steeds het ons uitgevind dat 'n klomp Dit nog nie gehad het nie, julle sien. Sien? Nou hulle . . .

27 Ons kom nou by hierdie groot verborge geheim wat geborge was sedert die grondlegging van die wêreld en nou openbaar word in die laaste dae aan die seuns van God. Glo julle dat dit waar is, dat seuns van God gemanifesteer word? Voordat ons eers êrens heengaan, laat ons blaai oor na Romeine die 8ste hoofstuk net 'n oomblik, laat ek aan julle iets lees. Kyk of hierdie dit is wat opkom na waarvan ek hier praat. Nou ons gaan Romeine 8 kry, die 19de vers van die—van die 8ste hoofstuk van Romeine.

> *Met reikhalsende verlange . . . die* skepping *wag vir die manifestasie van die seuns van God.*

28 Met reikhalsende verlange, wag die hele skepping vir die manifestasie. Sien, die manifestasie! Wat is die manifestasie? Bekend maak!

29 Die hele wêreld. Die Mohammedane daar oorkant, hulle soek daarna. Oral rondom, orals, soek hulle daarna. "Waar is hierdie mense?" Ons het gehad die . . . Ons het 'n magtige rukwind gehad, ons het donder en weerlig gehad, ons het olie en bloed gehad, ons het alle soorte dinge gehad; maar ons het versuim om daardie stil klein Stemmetjie te hoor wat die profeet getrek het, wat die mantel om hom gedraai het en uitgeloop het, gesê het, "Hier is ek, Here." Sien?

30 Nou die hele skepping kreun en wag vir die manifestasie van die seuns van God. Nou, Paulus gaan eers die kerk plaas presies waar dit hoort. Nou net om die agtergrond te kry, laat ons weer lees.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges* (dis die "geheiligdes") *wat in Efésiërs is, en . . . die getroues in Christus Jesus:*

31 Nou, sodat die klas dit nie sal vergeet nie, hoe kom ons in Christus? Sluit ons by die kerk aan om in Christus te kom? Maak ons 'n belydenis om in Christus te kom? Word ons onderdompel in water om in Christus te kom? Hoe kom ons in Christus? I Korinthiërs, 12de hoofstuk, "Want deur een Gees," een, hoofletter G-e-e-s, wat Heilige Gees is, "is ons almal gedoop tot in die beloofde Land."

32 In hierdie beloofde Land, alles behoort aan ons in die beloofde Land. Sien dit, Broer Collins? Sien, alles in die beloofde Land! Toe Israel hierdie Jordaan oorgesteek het, tot in die beloofde land, elke ding platgeslaan!

33 Nou onthou, in hierdie beloofde Land, dit beteken nie dat jy immuun teen siekte is nie, dit beteken nie dat jy immuun teen moeilikhede is nie. Maar dit spel dit, (o, laat hierdie diep sink), dit sê dit, dat dit joune is! Staan net op en neem dit! Sien? Wanneer . . .

34 En, onthou, die enigste manier wat Israel ooit 'n man verloor het, is wanneer sonde in die kamp gekom het. Dis die enigste manier wat ons ooit 'n—'n oorwinning kon verloor, is vir sonde om in die kamp te kom, iets verkeerd iewers. Toe Agan daardie wig gesteel het en daardie Babiloniese kledingstuk, was sonde in die kamp, en die veldslag het verkeerd gegaan.

35 Jy gee my hierdie—hierdie kerk vanaand, hierdie groep mense, perfek, perfek binne die belofte van God, met die Heilige Gees, wandelende in die Gees, ek daag enige siekte of enige beproewing uit, of enigiets wat daar is, elke Joe Lewis wat daar is in die land, met al sy ongeloof, en al die ongelowiges wat daar is, om enige siekte of beproewing te bring binne hierdie deur, en hulle sal hier uitloop genees. Ja, meneer. God het die belofte gegee, slegs sonde of ongeloof kan dit weghou. Nou ons gaan afkom na wat hierdie klein sonde is, naderhand, nou.

. . . wat in *Christus Jesus is:*

Genade vir *julle, en vrede, van God onse Vader, en . . . die Here Jesus Christus.*

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, wie ons geseën het met alle geestelike seëninge in hemelse plekke in Christus, in—in Christus:

36 Wanneer ons in Christus is, het ons geestelike seëninge. Buitekant Christus het ons sensasies. In Christus het ons positiewe seëning. Nie voorgeë nie, nie bedrieërye nie, nie aansittings nie. Maar solank as wat jy probeer sê dat jy in die beloofde Land is, en jy is nie, sal jou sondes jou uitvind. En, die eerste ding jy weet, jy sal jouself fronsend vind en—en al soos ons dit in die wêreld noem, verstrengeld. Jy sal uitvind dat jy nie het waarvan jy praat nie. Maar wanneer jy in Christus Jesus is, Hy het jou Hemelse vrede beloof, Hemelse seëninge, Hemelse Gees, alles is joune. Jy is in die beloofde Land en in volle besitting van alles. Amen. Hoe pragtig! O, laat ons bestudeer.

Soos hy ons uitverkies het . . .

37 Nou, hier is waar die kerk so sleg struikel.

Soos hy ons in hom uitverkies het . . . (In Wie?) Christus!

38 Ons vind uit nou, terug in—in Genesis en in Openbaringe, Openbaringe 17:8, dat Hy ons uitverkies het in Christus voor die grondlegging van die wêreld. Nou, die woord . . . Laat ek die volgende een lees.

> . . . *grondlegging van die wêreld, dat ons heilig sou wees en sonder gebrek voor hom* . . .
>
> *Deurdat Hy ons voorbeskik het* . . .

39 Nou ek wil stop op daardie woord van "voorbestem." Nou, *voorbestem* sê nie, "Ek sal Broer Neville kies, en ek—ek— ek—ek—ek sal nie Broer Beeler kies nie." Dis nie dit nie. Dis die voorkennis van God wat geweet het watter een sou reg wees en watter een nie reg was nie. So, deur voorkennis, God wetende wat Hy sou doen, het Hy voorbestem deur Sy voorkennis om alle dinge te laat saam werk vir die beswil aan hulle wat God liefhet, dat Hy mag, in die eeu wat sal kom, alle dinge sal saamroep in Een, wat Christus Jesus is.

40 Laat my julle 'n klein illustrasie hier teken. Dis goed. Ons gaan terug, ek glo ek het daaroor gepraat 'n klein bietjie die ander aand, of dit getref in Genesis, die 1ste hoofstuk, 1:26, toe God sy Naam genoem het, "Here God," dis in die woord van El, Elah, Elohim, wat beteken "die selfbestanende Een." Daar het niks anders bestaan behalwe Hy nie. Daar was geen lug, daar was geen lig, daar was geen sterre, daar was geen wêreld, daar was geen niks anders nie. Dit was God, en God alleen, El, Elah, Elohim. Nou, Hy het dit gemaak.

41 Daarbinne was daar eienskappe wat beteken het dat Hy was 'n . . . Binnekant van hierdie groot El, Elah, Elohim was 'n eienskap om 'n . . . Julle weet wat 'n *eienskap* is, of laat my dit soos hierdie sê, was 'n "natuur." Dis sodat die klein outjie dit sal kry, en ek is een van die klein outjies wat dit op daardie manier moet kry. Binnekant van Hom was die natuur om 'n vader te wees, maar Hy's selfbestaande, daar was niks vir Hom om Vader by te wees nie. En, nou, onder binnekant daarvan, dat Hy God was; en 'n god is 'n voorwerp van aanbidding; maar Hy was selfbestaande, El, Elah, Elah, Elohim, so daar was niks om Hom te aanbid nie. Binnekant daarvan, was Hy 'n Verlosser, en daar was niks verlore om gered te word nie. Sien? Binnekant daarvan, was Hy 'n Geneesheer, sien, maar daar was niks siek om genees te word nie, of niks om siek te wees nie. Nou kry julle die prentjie? So Sy eienskappe, Sy natuur het geproduseer wat vandag is.

42 Sommige mense sê, "Wel, hoekom het God dit nie net in die begin gestop nie?" "Hy is 'n wreedhartige lummel," het Joe Lewis gesê, die een wat Joe veroordeel het, of Jack Coe, sien. Gesê, "Hy is net 'n wreedhartige lummel. Daar is geen ding soos God nie. As daar so 'n ding was, Hy sou wees 'n . . ." O, ek . . . noem Hom net alle soort van name, sien. Maar dis net omdat hy mag 'n klomp kennis *hierbo* hê, maar hy het niks *hieronder* nie.

43 Nou, dit, dis waar dit is. Sien? Hierdie Woord sê dit hier, en Hy het dit weggesteek. En hierdie geheime is weggesteek nou, onthou, die Bybel het gesê, "Sedert die grondlegging van die wêreld, wagtend vir die manifestasie van die seuns van God," om hulle aan die kerk te vertoon. O, goeiste! Julle snap dit?

44 Nou stop ek op my storie net 'n klein bietjie, of ek sal bring. . . ek sal gaan na my volgende gedagte totdat ek hierdie kry. Nou onthou, al deur die eeue van Moses, terug deur die eeue van die profete, terug deur alle eeue, het hulle gewag tot hierdie laaste dae vir hierdie dinge om vertoon te word, volgens die Skrif. Dis reg, vir dit om geopenbaar te word aan die seuns van God. Hoekom? Vanaf die verlore. . . totdat soos die piramide, soos ek gesê het, nader, nader, nader gebou.

45 Soos ek dikwels hierdie opmerking gemaak het, en gesê het, God het drie Bybels gemaak. Die eerste een, het Hy in die lug gesit, die sodiak. Het julle ooit die sodiak gesien? Wat is die eerste figuur in die sodiak? Die maagd. Wat is die laaste figuur in die sodiak? Leo die leeu. Hy het die eerste keer gekom na die maagd, Hy kom die tweede keer soos die Leeu van die stam van Juda. Sien?

46 Hy het die volgende een gemaak die piramide, terug in die dae van Henog, toe hulle die piramide gemaak het. En hulle meet hulle. Ek verstaan dit nie. Maar na die oorloë, waar hulle neerbuig en op hulle knieë gaan vir so lank, en kan die afstand van oorloë meet. Julle weet waarnatoe hulle nou meet? Dwars oor die koning se binnekamer. En soos hierdie piramide opgegaan het. . . Ons kon dit nie bou nie, met alles wat ons vandag het. Ons kon dit nie bou nie.

47 Dit word reg opgebou soos *hierdie*, na 'n punt. En die steen op. . . Die deksteen was nooit gevind nie. Hulle het nooit 'n deksel op die top van die piramide gesit nie. Ek weet nie of julle dit weet of nie, die groot piramide van Egipte, dit het nooit 'n deksteen op gehad nie. Hoekom? Die deksteen was verwerp, Christus, die Hoofsteen, sien, was verwerp.

48 Maar soos ons groei vanaf die Lutherse eeu, Baptiste eeu, Metodiste eeu, Pinkster eeu, ons is nou reg op na die Deksteen, sien, wagtend en verlangend vir daardie Deksteen om af te kom, die gebou is voltooi. Het julle nie gelees in die Skrif, "Die steen was verwerp nie"? Natuurlik, besef ons dat hy gepraat het van Salomo se tempel. "Maar die verwerpde Steen het die Hoof van die hoek geword." En ek sê dit net om te maak 'n—'n—'n—'n prentjie vir julle.

49 Nou, in die Bybel, ons lewe in die laaste dag, die top van die piramiede, die gekruisde visse van die kanker eeu in die sodiak, in die tyd van die koms van Leo die leeu, in die deksteen, en in die dae van die manifestasies van die seuns van God, in die Bybel, sien. Sien waar ons is? Ons is reg by die eindtyd.

50 Hoeveel het die koerant gelees hierdie week, wat Krushchev en hulle gesê het? O, hulle is gereed; so is ons. Amen. Gereed! Dis alles reg, sien. O, wat 'n—wat 'n—wat 'n voorreg, wat 'n dag! As die Christene net kon besef die dag waarin ons lewe. Goeiste!

51 Wat dink julle? Die skrywer van hierdie Boek, wat dit gesien het, en gesien het waar dit gemanifesteer sou word in die laaste dae, wagtende en kreunende vir daardie seuns van God om op te staan in die laaste dae, met die krag van die Heilige Gees aan die end van die eeu, om die geheime dinge vanaf die grondlegging van die wêreld te openbaar, dit voort te bring.

52 Nou laat ons teruggaan binne-in "die grondlegging van die wêreld" weer, om 'n openbaring te kry, om te sien of ons reg is of nie. Ek hoop nie ek ontheilig myself deur God "Pappa," te noem nie, maar ek wil dit op daardie manier sê sodat julle dit sal verstaan. Pappa! Pappa wou 'n paar kinders hê, so wat het Hy gedoen? Hy het gesê, "Laat daar Engele wees." En hulle het rondom Hom gekom. O, dis goed. Hulle het Hom aanbid, toe was Hy God, die eienskappe. Onthou, Hy was El (E-l), Elah, Elohim, selfbestaan, niks behalwe Hy nie. Die eerste ding wat gekom het was Engele. Toe, Engele kon niks meer doen as aanbid nie. Hulle kon nie verlore raak nie. So, hulle kon nie siek word nie, hulle was onsterflike wesens. So, Hy kon nie Sy genesingskrag vertoon nie, Hy kon nie Sy verlossing vertoon nie. So toe, voordat, nou laat . . .

53 Toe daarna het Hy gesê, "Ons sal iets tasbaar maak." So het Hy die aarde gemaak. En toe Hy die aarde gemaak het, het Hy al die skepsels op die aarde gemaak, en toe het Hy die mens gemaak. Alles wat opgekom het uit die aarde; beginnende met 'n—'n "polliwog" of 'n jellievis, net 'n vorm van vlees drywende op die water, beginende daarby, na . . . daarvandaan na 'n padda, wat die laagste tipe van lewe is wat ons kan vind, beweer hulle, is 'n padda. Hoogste tipe is 'n menslike wese. Vanaf die padda het dit begin na die akkedis, vanaf die akkedis aan en aan en aan, en elke keer wat die Heilige Gees begin om te "whooosh," blaas, het lewe weer gekom; "whooosh," groter lewe. En die eerste ding, iets het opgekom in die gelykenis van God, dit was 'n mens. Niks is ooit, was ooit, sal ooit weer geskep word nie, enigiets hoër as die mens nie, want 'n mens is in die gelykenis van God. Sien? Toe die mens . . .

54 Toe Hy Sy eerste mens gemaak het. Nou, toe Hy Sy Engele wesens gemaak het . . . Hy het die mens gemaak, "Man en vrou het Hy hulle gemaak," alles in dieselfde eenheid. Hy was beide man en vrou, vroulik en manlik. Toe Hy Adam gemaak het en hom in vlees gesit het . . . onthou in Genesis 1, Hy het man en vrou gemaak. En in Genesis 2, was daar nog geen mens om die grond te bewerk nie, vleeslike mens nie. Geen mens wat enigiets kon vashou en die grond bewerk nie, maar tog was daar 'n mens in Sy gelykenis. "En God is 'n . . . " [Gemeente sê, "Gees"—Red.]

Dis reg. Sien? Hy het die eerste mens gemaak, "manlik en vroulik het Hy hulle geskep." Nou; toe Hy die eerste mens gemaak het!

55 Nou, onthou, Hy het dit alles saam in Sy gedagtes gehad. En Sondagaand het ek daardeur gegaan. 'n—'n Woord is 'n uitgespreekte gedagte. God het gedink hoe Hy God kon wees, hoe Hy aanbid kon word, hoe Hy 'n Geneesheer kon wees, hoe Hy 'n Verlosser kon wees; en so gou as wat Hy die Woord gespreek het, was dit vir altyd volbring. O, as hierdie seuns van God net nou daardie Woord soos dit kan aangryp. Wanneer God 'n Woord spreek, is dit volbring! Absoluut! Hy mag gewag het. . . Kronologie sê dat, of 'n argeoloog en almal, hulle beweer dat miskien was die wêreld miljoene en miljoene en miljoen. Ek weet nie, dit mag triljoene en triljoene van jare gewees het. Ek weet nie hoe lank dit was nie. God bestaan nie in tyd nie. Hy het nie een minuut minder tyd as wat Hy gehad het toe Hy dit gespreek het nie. Hy is steeds God. Daar is geen tyd by Hom nie.

56 Ek het dit nooit geweet soos dit tot die ander aand nie, ander oggend, liewer. Ewig, nie gister, nie môre nie, dis alles nou. Het julle ooit die woord "EK IS" opgelet? Nie "Ek was" of "Ek sal wees" nie. Dis Ewig, "EK IS!" Sien, "EK IS," altyd!

57 Nou, maar Hy wou dinge in tyd sit. Hy moes iets maak om te aanbid, so Sy eienskappe het dit voortgebring. Toe het Hy die mens gemaak. Toe, in hierdie mens, hy het alleen gelyk. So, nou, om Sy groot gedagtes te toon, wat Hy in voorstelling gehad het van die Christus en die Kerk, Hy het nie 'n ander kleideel geneem en 'n vrou gemaak nie, maar Hy het van die sy van Adam geneem, 'n rib; en geneem van die gees van Adam, die vroulike, en dit gesit in hierdie rib. Wanneer jy 'n man sien wat optree soos 'n sissy, daar is iets verkeerd. En wanneer jy sien 'n vrou wat optree soos 'n man, daar is iets verkeerd. Sien, daar is iets verkeerd. Hulle is twee verskillende geeste, totaal. Maar, saam, maak hulle een eenheid, "hierdie twee is een." So het Hy vrou en man gemaak, en hulle moes nie oud word nie, nooit sterf nie, nooit grys word nie, nooit. Hulle eet, hulle het gedrink, hulle het geslaap, net soos ons doen, maar hulle het nooit geweet wat sonde was nie.

58 Nou ek sal reg hier verbygaan vir 'n ander les een of ander tyd, oor die saad van die slang. Wat, hulle my gevra het om dit te herroep. Maar laat ek enigiemand sien kom en my enigiets anders wys. Dis wat ek wil weet, sien.

59 Nou, maar na dit alles, toe, toe sonde ingekom het, wat het plaasgevind?

60 Ver bokant, bo, 'n miljoen, honderd miljoen myle, daar is 'n ruimte *so* groot, en dit is perfekte agapao liefde. Elke keer wat jy 'n tree *hiernatoe* maak, word dit 'n duim nouer. En jy weet hoe klein dit sou wees teen die tyd wat dit by die aarde kom. Dis 'n skaduwee van die skaduwee van die skaduwees. Dis wat jy het,

dis wat ek het, 'n skaduwee van skaduwee van skaduwees van agapao liefde.

61 Daar is iets in jou, daar is iets in elke vrou hierbinne verby twintig, daar is iets in elke man hierbinne verby twintig, wat sou verlang om te bly. Jy het net vyf jaar, dis van vyftien na twintig. Na twintig begin jy sterf. Maar, vanaf vyftien, jy is net 'n adolessente kind tot dan. En dan word jy volwasse tot jy twintig is. En na twintig, o, jy sê, "Ek is net so 'n goeie man." Jy sê dit net, maar jy is nie. Jy sterf en jy brand weg, maak nie saak wat jy doen nie. God het jou gemaak tot daardie ouderdom, maar dan gaan jy sterf. Nou wat gebeur? Nou begin jy sterf, maar daarbinne is daar iets in jou wat sê, "Ek wil weer agtien wees."

62 Nou ek wil jou iets vra. Wat as jy vyfhonderd jaar gelede gebore was, en jy het agtien jaar oud gebly tot vandag? As jy nie 'n ouderwetse sou wees nie, met jou idees van vyfhonderd jaar gelede nie! Voor die pelgrim vaders ooit hiernatoe oorgekom het, en jy was 'n jong dame met daardie soort van idees. Tog, jy sou beter daarvan af gewees het om net aan te gegaan het en oud te geword het en geleef het vir vyfhonderd jaar. Sien, daar is iets verkeerd.

63 Jy sê, "Wel, op die oomblik voel ek redelik goed, Broer Branham. O, ek is—ek is—ek is agtien, ek is sestien, ek voel goed." Skat, laat ek jou iets vertel. Hoe weet jy dat jou moeder lewe op hierdie oomblik, as sy nie in hierdie kerk is nie? Hoe weet jy dat jou kêrel nie gesterf het 'n paar minute gelede nie, of jou meisie? Hoe weet jy dat in die oggend jy nie 'n lyk in jou huis sal wees nie? Hoe weet jy dat jy uit hierdie kerk gaan vanaand nie, lewendig? Dis so 'n onsekerheid. Daar is niks seker nie. Of jy vyftien, twaalf, negentien, vyf-en-sewentig, of negentig is, daar is . . . alles onseker. Jy weet nie waar jy staan nie. Maar tog verlang jy om terug te gaan na vyftien, agtien. Wat laat jou dit doen?

64 Nou, as jy teruggaan na agtien en jy bly daar, en nooit siek wees en nooit wees . . . jy sou ander mense saam met jou moes hê, want jy sou dit ontgroei, sien. Mense sou aangaan in ander eeue en jy sou 'n ouderwetse wees. Jy sou slegter wees as wat dit sou wees as jy saam met hulle oud geword het. Maar daar is iets wat na jou roep om daar te wees. Dis daardie klein agapao, daardie klein skaduwee wat jou laat . . . Iets hierbo.

65 Nou, die ander aand, of die ander oggend, seweuur, toe die Heilige Gees, deur Sy goedheid en Sy genade, my uit hierdie liggaam geneem het, ek glo, ek glo. Ja of nee, sê ek nie, en daardie land binnegegaan en daardie mense gesien, en hulle was almal jonk. En ek het die mooiste mense gesien wat ek ooit in my lewe gesien het. En Hy het aan my gesê, "Sommige van hulle was negentig jaar oud. Hulle is jou bekeerlinge. Geen wonder hulle skreeu, 'My broer! My broer!' nie."

66 Nou, daardie is 'n hemelse liggaam, dat wanneer ons sterf word ons nie 'n mite nie, ons word 'n liggaam. As ons sou, elkeen sterf, as die atoombom ons sou opblaas op hierdie oomblik, in vyf minute van nou sou ons mekaar se hande skud en mekaar omhels, en skreeu en aangaan, en God vereer! Ja, meneer! En Broer en Suster Spencer wat hier sit, ek reken een van die oudste egpare hierbinne, sal agtien, twintig jaar oud wees. Broer Neville sal net 'n jong seun wees, en ek sal 'n jong kind wees. En ons sou net almal wees. . . Dis presies die Waarheid. "As hierdie aardse woningstabernakel vergaan, het ons alreeds een wat wag."

67 Wanneer 'n klein babatjie uitval uit sy ma, as 'n natuurlike geboorte, sy klein liggaam aan draaiende en bene aan springende, ensovoorts. Verskoon die uitdrukking, julle jong vroue. Maar, wanneer dit gebeur, dit het lewenspiere wat saamtrek. Maar wanneer dit kom na die aarde, die eerste ding, dit kry sy asem, en daar is 'n geestelike liggaam van natuur wat moet inkom in daardie baba op daardie oomblik. Laat dit alleen, dit sal sy klein koppie neem en vroetel teen sy moeder se bors en begin om te drink. As dit nie dit so doen nie, die melk sou nie eens afkom nie.

68 Het julle ooit opgelet 'n kalf wanneer dit gebore word, dit. . . gou as dit genoeg krag kan kry om op sy bene te staan? Wie vertel dit? Loop reg rondom na sy moeder, begin rondvroetel en begin drink. O, ja!

69 Want, wanneer hierdie aardse liggaam hier gebring word, is daar 'n geestelike liggaam reg daarvoor. En so gou as hierdie. . . O, halleluja! "En as hierdie aardse tabernakel van ons woonplek vergaan, wag daar een oorkant." Net so gou as wat ons uit hierdie een stap, stap ons binne-in daardie een in; een wat nie 'n koue waterdrankie nodig het nie, het geen behoefte aan water nie; een wat nie eet nie, hulle is nie die stof van die aarde nie. Maar hulle is net so werklik, en kan voel en hande skud, en net liefhê en alles is perfek. En daardie liggaam wag oorkant. Dis deel daarvan. Daar is drie van hulle.

70 Jy begin jou Ewige Lewe reg hier by die altaar. Hier is waar jy Ewigheid begin. O! Jy begin Ewige Lewe net hier. Dan word jy weergebore, 'n seun van God. En dan wanneer jy sterf, begin jy. . . Wanneer jou dood jou tref in hierdie liggaam en die hart ophou klop, en die sterflike wiele begin stil te staan, daardie klein skaduwee wat 'n skaduwee van die skaduwee was, binne een sekonde word dit 'n skaduwee van die skaduwee, dan die volgende word dit die skaduwee, dan die volgende word dit 'n klein straaltjie, dan die volgende word dit 'n stroom, dan die volgende word dit 'n rivier, en dit volgende word dit die oseaan, en na 'n rukkie staan jy in die teenwoordigheid van jou geliefdes wat oorkant staan, geklee in die klere van 'n hemelse liggaam, wat julle mekaar ken, mekaar lief het, jy het weer terug verander na 'n jong man en jong vrou. Presies reg. Dit wag daar tot

die koms van die Here Jesus. En eendag daardie verheerlikte liggaam van Sy. . . Nou onthou, dit is ’n hemelse liggaam, nie ’n verheerlikte nie, ’n hemelse liggaam. En eendag sal daardie hemelse liggaam die Hemel verlaat saam met Jesus.

71 “Want ek sê dit vir julle,” Tweede Thessalonicense, die 5de hoofstuk, of Eerste Thessalonicense, 5de hoofstuk, een of die ander, “Ek sê vir julle, ek sal julle nie onkundig laat nie, broers, oor hulle wat slaap nie, dat julle nie treur nie, soos andere wat nie hoop het nie. Want as ons glo Christus het gesterf en weer opgestaan die derde dag, net so diegene wat slaap in Christus sal God saam met Hom bring. Want ons sê dit aan julle deur die opdragte van die Here, dat ons wat lewe en agterbly tot die koms van die Here, sal nie keer of verhinder” (die beste woord) “diegene wat slaap verhinder nie. Want die basuin van die Here sal blaas, en die dooies in Christus sal eerste opstaan.” Hierdie hemelse liggame wat afkom en aardse, verheerlikte liggame aantrek. “En ons wat lewend is en agterbly sal verander word in ’n oomblik, in ’n oogwink, en sal saam opgeneem word met hulle, om die Here in die lug te ontmoet.”

72 “Ek sal nie drink van die vrug van die wingerdstok of eet totdat ek dit opnuut saam met julle in My Vader se Koninkryk sal eet nie,” die Bruilofsmaaltyd. Vir die drie en ’n half jaar wat die anti-chris sy heerskappy voltooi, die hele wêreld word vernietig, die Jode word uitgeroep, Josef maak homself bekend aan die Heidene, of aan die Jode. Onthou, wanneer Josef homself bekend maak aan sy broers, was daar nie een Heiden teenwoordig nie. Toe hy gestuur het. . . Julle ken die storie. Josef, die perfekte tipe van Christus, in elke opsig. En toe Josef gevra het vir sy broers, en hulle het afgekom, en hy gekyk het en klein Benjamin gesien het, en hy hulle daar gesien het en toe hy. . . Hulle het gesê, “Tog, hierdie kêrel! Ons—ons moes nie ons broer Josef doodgemaak het nie.” Die Jode wat gesien het hulle het ’n fout gemaak; nou wanneer Christus, wanneer Hy Homself bekend maak aan hulle. En Josef was so vol, hy moes huil, amper, so hy het sy vrou en sy kinders weggestuur, en al die wagte en al die ander, en hulle gestuur na die paleis. Presies reg. En toe in die teenwoordigheid van die Jode alleen, het hy gesê, “Ek is Josef, julle broer. Ek is julle broer.” En toe het hulle geval en begin bewe, gesê, “Nou weet ons ons sal dit kry, omdat ons ons broer doodgemaak het. Ons het gesê ons het ons broer doodgemaak, en nou is hy hierdie groot koning.”

73 Hy het gesê, “God het dit gedoen vir ’n doel, om lewe te red.” Dis presies die rede waarom God dit gedoen het, om ons Heidene te red. Maar die Heidene was in die paleis. Halleluja! Verwerp deur Sy broers, Josef, Hy het ’n Bruid geneem; en die Bruid was ’n Heiden, nie ’n Jood nie. Goed.

74 Nou, waarnatoe gaan jy nou? Nadat ons hierdie verheerlikte liggaam aangetrek het, en die groot eeu wat moet kom; wanneer

hierdie verheerlikte liggaam, hierdie hemelse liggaam moet 'n verheerlikte liggaam gemaak word. Begryp julle wat ek nou bedoel? Dan kan ek oorstap en sê, "Broer Neville!" Laat ek julle 'n klein illustrasie gee. Ek sê, "Broer Humes, laat ons opgaan na Pappa vanmôre." Hy is God. Ons ken Hom nou, Hy is 'n Verlosser, Hy is 'n Geneesheer.

75 Daar was nooit so 'n ding soos die skepping van sonde nie. Dit het nie goed afgegaan nie, het dit? Sonde is nie 'n skepping nie. Nee, meneer! Sonde is 'n verdraaiing. Daar is net een Skepper, dis God. Sonde is verdraaide regverdigheid. Wat is 'n owerspel? Regverdigheid verdraai. Wat is 'n leuen? Die waarheid wanvoorgestel. Sekerlik. Wat is 'n vloekwoord? Dis God se seëning verdraai na 'n vloekwoord aan God, in plaas van 'n seëning. Sonde is nie 'n skepping nie. Sonde is 'n verdraaiing. So, Satan kon nie sonde skep nie, hy het slegs verdraai wat God geskape het. Dis presies reg. Dood is slegs 'n verdraaiing van lewe.

76 Nou let hierna op, let hierna op. Dan sal ek opstap, en ek sal sê, "Broer Humes, laat ek en jy, en Broer Beeler en 'n paar van die broers, ons sal opgaan na Pappa, God. En sê, laat ons 'n klein reis onderneem. Julle kêrels het van berge gehou toe julle . . . "

"Ja, ons het sekerlik."

77 "O, daar is 'n paar miljoen myl van hulle oorkant buite in daardie nuwe wêreld. Gaan vooruit, swerf oor hulle."

78 "Ek moet . . . ? . . . son elke dag, kom hoër op. Ek sal julle hoor. Terwyl hulle nog praat, sal Ek hoor." Jesaja 66. Dis reg.

79 En julle weet, ek sal daar buite deur loop, almal van ons loop daar buite deur net vir omtrent vyfhonderd jaar, net 'n klein reis, 'n miljoen, maak nie enige verskil nie, sien. En nou— nou dit klink kranksinnig, maar dis die waarheid. Sien, dis die waarheid, want daar is geen tyd nie, dis Ewigheid. En wanneer ek daar uitgaan, ek loop daaronder langs deur, en julle weet wie ek—ek—ek daarbuite ontmoet? Ek sê, "Wel, as daar nie Suster Georgie Bruce is nie! Tog, Suster Georgie, was 'n lank tyd sedert ek jou gesien het." Lyk net soos sy altyd. Sien? Sy mag miskien tien miljoen jaar oud wees, maar net so jonk soos sy ooit was. Sy sou iemand op die rug krap, en ek kyk daar, dis jagluiperd, die leeu.

Ek sê, "Hoe gaan dit met jou vanoggend, jagluiperd?"

80 "Meow," soos 'n katjie. "O, ek was daaronder en gepraat met 'n paar van die susters rondom daardie groot blomme daaronder, ons was daaronder omtrent vyfhonderd jaar, sien, na hulle gekyk." Nou, dit klink kranksinnig, maar dis die waarheid. Dis presies. Dis die manier wat God dit bedoel het.

81 Wel, seën jou hart, Suster Georgie. Geen leed kan kom, heeltemal niks nie. In die aandtyd sal ons opgaan na die top van die berg, en sê, "O Pappa, God, ek was eenmaal verlore. O, ek

was eenmaal in die gemors van sonde, Pappa, God, en Jy het my gered."

82 Tog, mense wat dit probeer uitspreek het het mal geword. Wel, daardie man wat die laaste verse van daardie "O Liefde Van God," geskryf het, wat geskryf was op die kranksinnige muur van 'n inrigting, wat die liefde van God probeer uitspreek het. Hoe dat Hy neergedaal het om sondaars te red, en hoe dat Hy het, Sy liefde wat afgekom het om jou en my te red. Praat van aanbidding, Engele weet niks daarvanaf nie! Die aanbidding, 'n Engel weet slegs . . . Hy staan daar en waai sy vlerke heen en weer, en oorkruis, "Halleluja! Halleluja!" Maar, o, genade! Wanneer dit kom by weet ek was verlore en nou is ek gevind, ek was dood, nou lewe ek alweer! O God, ek was in sonde, ek was in gemors, en ek was onder op 'n vullishoop!

83 Hier is die beste wat lewe jou kan gee. Het julle ooit gegaan hieronder na Colgate vullishoop? Dis die stinkste plek waar ek ooit was. Daardie ou rook maak my net siek om dit te ruik. Daaronder lê in al daardie ou rook, so siek in jou maag, dit wil net omkeer, nadat jy kastorolie geneem het. Sien, net so siek as jy kan wees! En rotte wat regoor jou hardloop, wat aan jou probeer eet. En dis die beste van lewe. En toe het iemand uitgereik en jou opgetel. En jy is regtig oud en jy kan nie jouself help nie. En jou net opgetel en jou verander na 'n agtien jaar oue seun, en jou op die top van die berg gesit, die blakende gesondheid vanself, goeiste, goeie asemteug van vars lug soos daardie, goeie koue slukkie water. Sou jy ooit weer wou teruggaan na daardie vullishoop? Nooit, nooit, nooit, nooit weer na daardie vullishoop gaan nie.

84 Nou, dis wat dit beteken, vriend. Dis wat daardie gesig, of ten hemelvoering, wat ook al, 'n gesig. Ek, ek sal gesig sê, want ek is bang dit sal iemand seermaak om te sê ten hemelvoering, dis wat daardie was. Nou, daar is wanneer God . . . wat God gedoen het om seuns en dogters na Hom te bring. Nou, wie is hierdie mense? Hoe het hulle ooit . . . Wat het hierdie mense gedoen om dit te verdien? Hoe het hulle dit ooit gedoen? God, aan die begin, voordat 'n Engel ooit gemaak was . . . Hoeveel weet Hy is oneindig?

85 Nou, julle drie-eenheid broers, ek wil julle nie seermaak nie, maar hoe in die Naam van die goeie Woord van God kon julle ooit Jesus plaas as 'n afsonderlike persoon van God Homself? As Jesus 'n ander persoon kon neem en hom laat gaan en sterf, om hierdie persoon hier te verlos, sou Hy 'n onregverdige wese wees. Daar is net een manier wat God dit ooit kon doen, sou wees om Self die plek te neem! En God het vlees geword dat Hy die pyne van dood kon smaak, om die angel en dood van ons weg te neem, dat ons verlos kan wees deur Sy Eie. Dis hoekom Hy so aanbid sal word. Jesus was 'n man, sekerlik was Hy. Hy was 'n man, m-a-n, gebore uit die maagd Maria. Maar die Gees

wat in Hom was was God sonder grens, in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon. Hy was Jehova-jireh, Hy was Jehova-rapha, Hy was Jehova-manasses, Hy was Jehova; ons Skild, ons Omgorder, ons Geneesheer; Hy was Alfa, Omega, die Begin en die Einde; Hy was die Eerste, die Laaste; Hy was, Wat is, en Sal Kom; die Ontstaan en Nageslag van Dawid, die Môrester, tog, Hy was Allesomvattend. In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon!

86 En dood het altyd 'n angel gehad, wat dit mense gesteek het, "Ah," het die Duiwel gesê, "Ek het jou, want jy het na my geluister. Steek jou, ek sal jou in die graf sit. Daardie skaap se bloed kan jou nie enigsins help nie, dis net 'n dier se bloed." Maar God, in Sy wysheid, het geweet dat daar 'n Lam sou kom, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Ja, meneer. En hulle. . . Hy het gewag vir daardie tyd vir die voleinding van tyd om te kom.

87 Maar eendag toe daardie Lam gekom het, hierdie Man, was Satan selfs gefnuik. Hy het rondom Hom gekyk, hy het gesê, "As U die Seun van God is, doen *dit*. As U die Seun van God is, doen 'n wonderwerk en laat my Jou dit sien doen. Laat my Jou dit sien doen. Uh-huh, ek sal 'n lap om Sy gesig draai, Jou slaan. As Jy 'n profeet is, sê ons wie Jou geslaan het." Hum! "Ek nie, ek glo nie Jy is die Kêrel nie. As Jy is, sê ons reguit hoe Jy is." Sien, alles soos daardie. "O, sê ons Jy is!" Hy het nie Sy mond oopgemaak nie. O, o, het Hy hom sand in die oë geskop toe!

88 Hy het omgekyk na die dissipel, en gesê, "Ek kon met My Vader praat en Hy sou My twaalf legioene van Engele stuur, as Ek wou." Pilatus het dit nie gehoor nie, julle weet.

89 "As U is! As U is. O, dis nie Hy nie. Tog, kyk na Hom wat bloei. Haai, 'n paar van julle soldate gaan soontoe en spoeg in Sy gesig." Spoeg, Hom gespot, handevol baard uit Sy gesig getrek. "O, Hy is nie! Nee, dis nie Hy nie! Ek sal my angel in Hom anker, maat. Ek sal Hom daarbo kry. Ek het Jou nou!"

90 Toe Hy laaste uitgeroep het, "Eli! Eli! My God! My God!" Dit was 'n man. "Hoekom het U My verlaat?"

91 In die tuin van Gethsémané, die salwing het Hom verlaat, julle weet, Hy moes sterf as 'n sondaar. Hy het gesterf as 'n sondaar, julle weet dit; nie Sy sonde nie, maar myne en joune. Dis waar die liefde ingekom het, hoe Hy myne geneem het! O, halleluja, hoe Hy myne geneem het!

92 En daar was Hy, Hy kon nie Sy mond oopmaak nie. Hulle het gesê, "Jy weet, ek glo dit was net 'n gewone man. Hy was nie maagdelik gebore nie, want ek het my angel in Hom geanker."

93 En hier kom hy, sy angel in Hom geslaan, maar dit was die verkeerde tyd, maat! Hy het sy angel uitgetrek toe. Hy kan nie meer steek van toe af nie, hy het sy angel daarbinne gelaat. Hy het opgestaan op die derde dag, en gesê, "Ek was Hy wat dood

was, en lewe weer, en lewe verewig, Ek het die sleutels van die dood en hel." Ja, meneer. Hy het misgekyk Wie daardie was. "En omdat Ek lewe, sal julle ook lewe. Dit lyk nog nie . . . "

94 Eendag, drie of vier dae daarna, nadat Hy opgevaar het na die Vader, teruggekom het, toe het sommige gesê, "O, Hy is 'n . . . Hy—Hy moet 'n spook wees. Hy moet soort van iets spookagtig omtrent daardie Kêrel wees. En ons . . . Julle sien Hom. Julle sien 'n gesig."

"Nee, Hy was die regte Jesus."

95 Thomas het gesê, "Laat my Sy hande en alles sien, ek sal jou sê as dit is."

96 Hy het gesê, "Hier is Ek." Gesê, "Het julle enige vis en brood hieroorkant? Bring my 'n toebroodjie." En hulle het Hom 'n toebroodjie gebring, en Hy het daar gestaan en dit geëet. Gesê, "Nou, eet 'n gees soos Ek geëet het? Het 'n gees vlees en bene soos Ek het?" Sien? Hy het gesê, "Ek is Hy. Ek is dit."

97 En Paulus het gesê, "Dit blyk net nog nie presies watter soort van 'n liggaam ons sal hê nie, maar ons weet ons sal 'n liggaam soos Syne hê." Wat? Het Hy ooit daardie teofaniese liggaam gehad? Ja, meneer! Toe Hy gesterf het, die Bybel het gesê dat "Hy," is 'n persoonlike voornaamwoord weer, "Hy het na die hel gegaan en gepreek vir die siele in die gevangenis." Halleluja! Hoe het Hy daar na onder gegaan en hoe het Hy dit gedoen? Hy het sintuie van gevoel gehad, Hy het sintuie van gehoor gehad, Hy het sintuie van spraak gehad. Hy het gepreek met daardie selfde soort van liggaam waarin ek daardie verheerlikdes gesien het die ander aand. Hy het gepreek vir die siele wat in die hel was, wat nie bekeer is in die lankmoedige dae van Noag nie.

98 Maar toe Hy opgestaan het op Pase, dit was nie moontlik dat daardie liggaam verganklikheid sou sien nie, want Dawid die profeet het dit vooruitgesien, "Ek sal nie Sy siel in die hel los nie, ewemin sal Ek toelaat dat My Heilige Een verganklikheid sien nie. Boonop sal My vlees rus in hoop, want Hy sal nie My siel in die hel los nie, ewemin sal Hy My Heilige Een los om verganklikheid te sien." En op twee-en-sewentig uur voordat verderwing kon inkom, daardie teofanie, daardie liggaam wat gegaan het en gepreek het vir die siele wat in gevangeniskap was, wat nie bekeer is in die lankmoedige dae van Noag nie, het weer opgestaan, en die sterflike is met onsterflikheid beklee, en Hy het gestaan en Hy het geëet, en Hy het ons vertel dat Hy 'n man was. Halleluja!

99 Dis hoe ons Hom sal sien, Broer Evans. Dis wanneer Hy sal sit op die troon van Dawid. Halleluja! Dis wanneer ons op en af sal loop nou, ek sal 'n reis saam met jou onderneem oor die berge vir 'n miljoen jaar, sien, net 'n paar dae, net 'n paar minute, ons sal oorgaan daar, daar oorkant rondsit.

100 En dit kom tyd om te eet, jy weet, eerste ding wat jy weet, Suster Woods het gesê. . . Ek het gesê, "Suster Woods, wel, waar was jy al hierdie tyd? Ek het jou nie gesien vir. . . lyk vir my dit was vyftien minute."

"O, dis tweeduisend jaar gelede, Broer Branham."

101 "Uh-huh. Hoe voel jy?" O, natuurlik kan jy niks anders as goed voel nie.

102 "Sê, kom hier, kêrels, ek sal julle almal iets wys, broers, my dierbare broers. Hier is 'n fontein van water hier, die beste wat julle ooit gedrink het. En, o, ons sal 'n goeie koue drankie kry. Ek sal hier opreik en 'n yslike groot tros druiwe kry en ons sal almal hier sit en dit eet." Sal dit nie wonderlik wees nie? Dis presies wat dit is. Dis net so.

103 Hoe het ons dit gekry? Hoe weet ons dit? God, voor die grondlegging van die wêreld, het ons voorbestem! Wie? Diegene wat in die beloofte Land is.

> . . . ons voorbestem tot die aanneming van kinders deur Jesus Christus. . . *volgens Sy welbehae van sy wil,*
>
> *Tot die verheerliking van Sy glorie*. . . (Dat ons Hom mag verheerlik soos Hy gesê het, Dis wat Hy was, God, ons wil Hom verheerlik). . . verheerliking *van Sy glorie van sy genade, waarin Hy ons aanvaarbaar gemaak het in die geliefde.* In Christus is ons aanvaar.
>
> *In wie ons verlossing deur die bloed het, die vergifnis van* s-o-n-d-e-s. . .

104 Ek moet teruggaan na aanneming, maar ek wil stop op "sondes" hier 'n oomblik. "Sondes," het julle dit ooit opgelet? Julle weet God veroordeel nie 'n sondaar vir sondig nie? Hy veroordeel hom omdat hy 'n sondaar is. As 'n sondaar 'n sigaar rook, Hy veroordeel hom nie daarvoor nie; hy is 'n sondaar, in elk geval. Sien? Sien? Hy het nie enige sondes nie, die sondaar nie. Hy is net 'n sondaar, sien, hy het nie enige sondes nie. Maar jy het sonde, julle wat Christene is. Julle let hier op hy praat met die Kerk. Hou haar reg. Sien? Sien? "Vergifnis van sonde," s-o-n-d-e-s. Ons doen sonde. Maar die sondaar is net 'n sondaar, God vergewe hom nie.

105 Nou, jy sê, "Wel, hy het uitgegaan daar en 'n man geskiet. Wat gaan jy daaromtrent doen?" Dis niks van my besigheid nie. Ek is nie 'n hervormer nie, ek is 'n prediker. Die wet sal dit behartig, hulle is hervormers. Hulle is. . . "Wel," sê, "hy het owerspel gepleeg." Dit, dit—dit berus by die wet. Dis tussen hom en die wet. Ek—ek—ek—ek is nie 'n hervormer nie, ek hervorm nie mense nie. Ek wil hulle bekeer kry. Ek is 'n prediker, sien, my besigheid is om hom by God te kry. As hy gesondig het, dis sy besigheid, hy is 'n sondaar. God veroordeel hom op 'n hoër vlak. Hy is 'n sondaar om mee te begin, hy is veroordeel om mee te

begin. Hy het nie eers die eerste rus gehaal nie, hy—hy is nêrens nie. Hy is 'n sondaar om mee te begin. Hy het nie enige sondes nie, hy is 'n sondaar.

106 Jy kon nie uitgaan en sê, "*Soveel* is nag, en *soveel* is nie nag nie." Nee, dis alles nag, net alles nag. Dis wat God gesê het. Dis reg, hy is net 'n sondaar, dis al. "Nou, hy het dit gedoen, *soveel* is nag, *hierdie* is baie helder nag net hier." Ek weet, maar dis net alles nag, dis al. Sien?

107 Ek kon nie sê, "*Soveel* is lig net hier nie." Nee, dis alles lig, sien, net lig, jy kan nie sê hoeveel nie. Sien? Maar as hy 'n swart kol *hierin* is, dan is daar duisternis daarin.

108 So "sondes", s-o-n-d-e-s, ons het vergifnis vir ons sondes deur Sy (wat?) Bloed, dierbare Bloed.

. . . *volgens die rykdom van sy* . . .

109 Hoe vergeet ons dit? Omdat ons waardig is, ons iets gedoen het om ons sondes vergewe te hê? Sy wat?

. . . *genade;*

110 O, goeiste! Niks in my arms bring ek nie, Here. Niks kon ek doen nie, daar is nie 'n ding wat ek kon doen nie. Kyk! Hy het my voobestem, Hy het my geroep, Hy het my gekies. Ek het Hom nooit gekies nie. Hy het my gekies, Hy het jou gekies, Hy het almal van ons gekies. Ons het Hom nie gekies nie. Jesus het gesê, "Julle het My nie gekies nie, Ek het julle gekies." Hy het gesê, "Geen mens kan na My toe kom behalwe as My Vader hom eers trek nie, en almal wat die Vader My gegee het sal na My toe kom. En geen een van hulle is verlore nie, behalwe die seun van verderflikheid, om te volbring die—die Skrif." Julle sien? Gesê, "Maar almal wat die Vader My gegee het sal na My toe kom."

111 O, ek word te laat, word ek nie? En ek het nooit hieruit gekom nie. Ek het nog nie hiermee begin nie. Laat my opskud, ek moet iets net hier kry net baie gou nou, en ons maak gou. Ek moet terug kom na hierdie aanneming net 'n oomblik. O, sal julle my vergewe net vir—net vir 'n oomblik? Laat ons dit hier kry, sommige van hierdie mense is al die pad vanaf Georgia hier slegs vir vanaand, seën hulle hart. Nou, broer Georgiaan, en Texas en waarvandaan jy ook al is, luister na hierdie 5de vers. Laat ons daarop vertoef vir 'n paar minute.

Ons voorbestem tot—tot . . .

112 Wat beteken die woord "tot", die woord "tot"? Dit beteken dat iets kom net na, tot. "Ek gaan tot die fontein. Ek gaan tot die stoel." Humes, verstaan jy dit? "Ek gaan tot die lessenaar."

> Nou, Hy *het ons voorbestem tot die aanneming van kinders deur Jesus Christus aan homself, volgens* Sy Eie *welbehae van sy wil,*

113 Hoeveel welbehae? Wie se welbehae was dit, wie se goedheid? Sy Eie. Sy Eie welbehae van Sy Eie Wil!

114 Nou, wat is "aanneming"? Nou laat my dit kry nou, ek weet nie of . . . ek sal nie tyd hê om hierdeur te kom nie, maar ek sal dit raak. Dan as daar 'n vraag is, julle kan my 'n bietjie later aan een of ander tyd in die boodskap vra, iets. Luister. Jou aanneming is nie jou geboorte nie. Jou aanneming is jou plasing. Toe jy weergebore is, Johannes 1:17, glo ek, wanneer ons gebore word van die Gees van God, is ons seuns van God. Maar ons was voorbestem. Nou hier is wat ek probeer om julle by te kry, vir hierdie seuns van die laaste dag, julle sien. Om te . . . sien? Ons was voorbestem tot (tot) aanneming.

115 Nou, nou hier is ons. Nou, hier is wat Pinkster 'n bietjie seermaak. Hulle sê, "Ek is weergebore! Prys die Here, het die Heilige Gees!" Goed. Jy is 'n kind van God. Dis reg. Maar tog dit is nie waarvan ek praat nie. Sien, jy was vooruitbestem tot aanneming. Aanneming, dis die plasing van 'n seun.

116 Ek is te naby daaraan, want Becky het my gesê dat ek te naby daaraan kom, julle kan my nie in die agterkant hoor nie. Ek is . . .

117 Sien, 'n kind. Hoeveel ken die reëls van aanneming in die Ou Testament? Natuurlik, julle het gekyk. 'n Seun was gebore. Ek glo ek het dit gekry in 'n sekere preek. Wat is dit, Gene, onthou jy? Dis op 'n band. O, wat was dit? Ek—ek—ek—ek het dit getref. O, ja, ek het dit, *Luister Na Hom. Luister Na Hom,* die aanneming van kinders.

118 Nou, in die Ou Testament, wanneer 'n—wanneer 'n kind gebore was in 'n familie, hy was 'n kind wanneer hy gebore was, want hy was gebore van sy ouers, hy was 'n seun van die familie en erfgenaam van alle dinge. Nou, maar hierdie seun was grootgemaak deur leermeesters. Galásiërs, 5de hoofstuk, 17de to die 25ste vers. Goed. Hy was grootgemaak deur leermeesters, opvoeders, onderwysers. Nou, byvoorbeeld, as ek 'n seun gebore gehad het, sê, ek is 'n vader en . . .

119 En dis die rede in die Koning James, hoeveel het ooit gedink daardie lui vreeslik snaaks in die Koning James weergawe, gesê, "In My Vader se huis is baie wonings"? 'n Huis, baie wonings. Sien? Regtig, in die—in die dae wat die Bybel vertaal was vir die Koning James, was 'n *huis* 'n "landgoed." "In My Vader se *landgoed* is baie wonings." Nie in 'n huis nie, wonings, maar Hy was genoem die Vader van hierdie landgoed. Hulle het dit baie Bybels gehad, in die Bybel is dit hoe dit was.

120 Wanneer 'n vader 'n yslike groot duisend-akker plaas gehad het, of iets anders, het hy 'n klomp mense gehad wat *hieroorkant* gewoon het. Hy het huurlinge gehad wat *hieroorkant* gewoon het om die skape op te pas, hy het sommige *hieroorkant* gehad om die beeste op te pas, hy het sommige *hier* gehad wat opgegaan het na die boonste gebied daarbo 'n honderd myl weg, en hy

het sommige gehad reg *hieroorkant* wat die bokke opgepas het, en hy het sommiges gehad wat die muile opgepas het en—en verskillende dinge. Hy—hy het net 'n groot koninkryk gehad. En hy het op sy klein donkie geklim en na elkeen gery en gesien hoe hulle aangegaan het, die skaap-skeerdery en alles soos dit. Hy het nie tyd gehad nie . . .

121 Julle kan my nie hoor wanneer ek wegloop daarvanaf nie. Ek—ek—ek sal hieragter probeer bly. Kan julle my goed hoor nou, hier? Kyk.

122 Hy het weggery, en weggegaan, probeer om—om na sy—sy—sy koninkryk te kyk. So nou wil hy hê . . . Daardie seun gaan erfgenaam van alles wees wat hy het. Hy is 'n erfgenaam.

123 En wanneer ons gebore is in die Koninkryk van God, deur Jesus Christus, is ons erfgenaam van die Hemel, mede-erfgename met Jesus, want Hy het ons plek geneem. Hy het ons geword (sonde), dat ons Hom mag word (regverdigheid). Sien? Hy het my geword dat ek Hom mag word, sien, mede-erfgename met Hom. Goed, nou onthou dit, aan elkeen van julle.

124 Nou, onthou, God het jou voorbestem, deur voorkennis, dat jy sou kom Hierna. Almal verstaan dit, steek julle hande op, sien. God, deur voorkennis, het jou voorbestem om te kom na die beloofde Land. Wat is die beloofde Land vir die Christen vandag? Steek net julle hande op as julle weet. "Die belofte is aan julle en aan julle kinders, aan hulle wat ver weg is. En dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, Ek sal uitstort van My Gees op alle vlees, julle seuns en julle dogters." En in Jesaja 28:18, "Voorskrif moet op voorskrif wees, reël op reël; hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Want met stammelende lippe en ander tale sal Ek met hierdie volk praat. En hierdie is die rus, (die—die Rus) die sabbatland wat Ek gesê het waarin hulle moet ingaan. En, van dit alles, wou hulle nie hoor nie, maar hulle het hulle koppe geskud en weggeloop, en wou Dit nie hoor nie." Sien? Presies.

125 Wat was dit? Net presies soos daardie mense wat al die pad gekom het vanaf Kanaan, of vanaf Egipte, al die pad op deur die wildernis, en reg langs dit gekom het, naby genoeg om druiwe te proe wat uit die land gekom het. Broer, daar, daardie manne wil hê ek moet daardie terug trek, daardie oor Hebreërs 6. Hoe kan ek dit doen? Daardie is grenslyn gelowiges, hulle gaan nooit oor nie! Hulle kan nie oorgaan nie. Jesus het gesê.

Hulle het gesê, "Ons vaders het manna geëet in die wildernis."

126 En Jesus het gesê, "Hulle is almal dood." Daardie goed, onderskei. Hulle is almal dood. Dis reg. Gesê, "Maar Ek is die Brood van Lewe wat kom van God uit die Hemel. Die man wat hierdie Brood eet, sal nooit sterf nie. Dis reg. Ja, meneer, hy het

die Ewige Lewe as hy Hierdie eet. Ek is daardie Boom van Lewe uit die tuin van Eden."

127 Nou, sien, hierdie mense kom op so naby! Sien, as julle oplet in Hebreërs 6, gaan nie terug daarnatoe nie, maar in Hebreërs 6, "Hierdie mense eenmaal deelgenote gemaak, kom so naby, en het geproe van die Hemelse gawe." Hulle sit rond, hulle het genesings gedoen gesien, hulle het mense in die krag van God gesien, hulle het lewens verander gesien, maar hulle wou nie 'n hand Daarop sit nie. Nee, meneer. Nee, meneer. "En het van die krag van die wêreld wat kom geproe; en as hulle sou probeer hulself weer tot bekering te hernu, siende dat hulle—dat hulle vir hulself die Seun van God opnuut gekruisig het, en die Bloed van die verbond waarmee hulle geheilig was, gereken het . . . "

128 "Ek behoort aan 'n kerk wat heiligmaking glo." Dis goed sover as dit gaan, maar julle gaan nie ver genoeg nie. Sien? Ja, meneer. Die wildernis het hulle geheilig. Ja, inderdaad. Hulle het gehad die—hulle het die koperslang gehad en die—die koperaltaar, en alles daarbuite, heiligmaking, maar hulle het Palestina binne gegaan vir rus. Het nie . . .

129 Kyk oor in Hebreërs 4, het hy nie gesê, "'n ander Rus nie"? God het die sewende dag gemaak en hulle rus gegee op die sewende dag. 'n Ander plek wat hy praat van 'n rusdag, "en vandag in Dawid." Toe het Hy hulle 'n ander Rus gegee, "Kom na My almal julle wat gemoeid en belas is, Ek sal julle Rus gee." Gaan hierdie Rus binne! Want ons wie ingegaan het in hierdie Rus het ons werke gestaak soos God Syne het op die sabbat. Sekerlik. Daar is jou sabbat, Rus. Daar is jou egte Rus in hierdie beloofde Land.

130 Die Heilige Gees is 'n belofte van die mense. En hoekom wil hulle opgevoede geleerde predikers hê wie hulle kortbroeke sal laat dra en hulle hare sny, en lipstiffie dra, en manne wat dobbel en bier drink en grappe vertel, en aangaan en aangaan soos dit, en hulself lidmate van die kerk noem? Tog, hulle sal iets soos dit neem en die leierskap van die Heilige Gees weier! Tog, die Bybel het gesê die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard wat wegsny van die been, en selfs die onderskeider van gedagtes van die hart. Ja, selfs die gedagtes van die verstand!

131 En as ons die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, die liefde van God is nie eens in ons nie. "Baie word geroep, min word gekies; want nou is die poort en smal is die weg wat lei na Lewe, en maar min sal daar wees wat dit sal vind. Baie sal na My kom in daardie dag en sit in die Koninkryk," het Jesus gesê, "met Abraham, Isak en Jakob. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgewerp word, en sê, 'Here, het ons nie dit gedoen in U Naam nie? Het ons nie gepreek nie? Was ons nie Dokter *So-en-so* en Dominee *So-en-so* nie?' Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nie geken

nie. Nie almal wat sê, 'Here, Here' sal ingaan nie. Maar die een wat die Wil van My Vader wat in die Hemel is doen, dis die een wat ingaan."

132 Daar is julle, wat hierdie beloofde Land binnegaan. Hoe kom ons daarin? Ons is voortbestem daartoe. Die Kerk, deur die voorkennis van God, was voortbestem (tot wat?) tot Sy eer, deur Sy genade, tot die glorie, en aanbidding en glorie van God. Pappa, wat daaragter gesit het in die begin, selfbestaande, niks rondom Hom nie, wou iets hê om te aanbid, so Hy het 'n kerk verordineer en voorbestem, en voor die grondlegging van die wêreld, en hulle name gesit in die Lam se Boek van Lewe, toe hulle . . . geslag was voor die grondlegging van die wêreld, dat hulle mag verskyn tot Sy glorie en tot Sy lofprysinge by die einde van tyd, wanneer ons alle dinge bymekaar maak in daardie een Man, Christus Jesus. Whew! Glorie! Daar is dit. Dis net . . . En daar is dit reg daar, my broer, suster. Moet julle nooit Daarvan weg beweeg nie.

133 God, deur Sy uitverkiesings genade, het jou geroep. God, deur Sy uitverkiesings genade, het jou geheilig. God, deur Sy uitverkiesings genade en Sy krag, het jou gedoop en jou in hierdie land van Rus geplaas. Hulle wie hierdie Rus binnegegaan het, het hulle verlore raak gestaak. Hulle het hulle werke gestaak soos God Syne het. Hulle het onuitspreeklike vreugde, en vol van glorie! Die Boom van die Lewe blom in hulle. Hulle het lankmoedigheid, saggeaard, goedheid, geduld maak geloof, geloof, sagmoedigheid, saggeaardheid, ensovoorts. Die Boom van die Lewe blom in hulle want hulle hoop is geanker in Christus Jesus, die getuienis van die Heilige Gees getuig met tekens en wonders wat die gelowiges volg. "Hierdie tekens sal hulle wat glo volg." Soos hulle aangaan, genees hulle die siekes, hulle dryf duiwels uit, hulle praat met tale, hulle sien gesigte. Hulle . . . En hulle wandel met God, hulle praat met God. Geen duiwel kan hulle beweeg nie, hulle is standvastig, kyk uit na . . . ? . . . Deur daardie dinge in die verlede te vergeet, streef hulle na die doel van die hoër roeping in Christus Jesus. Daar is hulle. Daar is hulle. Dis die Kerk.

134 Hoe het jy daar gekom? Jy kan nie sê, "Wel, Here, U weet, eendag het ek begin sigare rook, en ek het geval, toe het ek gedink ek sal . . . " O, nee, nee, nee, nee.

135 Voortbesteming! Hy het ons geroep en toe ons Hom gevolg het is wanneer ons gesê het, "God, ons is verlore en verwoes. Ons het nie eens 'n gedagte gehad om onsself te red nie. Ons was natuur van 'n vark, ons was varke om mee te begin."

136 Jy gaan uit na 'n varkhok en kyk na 'n ou sog, en sê, "Nou, kyk hier, meisie, ek wil jou iets sê. Dis verkeerd van jou om vuil water te drink."

137 Sy sou sê, "Oink-oink." Sien? Nou, dis net soveel soos jy het om jouself te red. Dis presies.

138 Jy sê, "Dame, jy behoort nie klere soos daardie te dra nie, jy behoort netjies aan te trek. Jy behoort *dit* te doen. Jy behoort nie te gaan na . . . Jy behoort nie hierdie kaart partytjies te hê nie. Jy behoort nie sigarette te rook nie. Jy behoort nie *dit* te doen nie. Meneer, jy behoort nie *dit* te dra nie."

139 Hy sê, "Oink-oink. Ek behoort aan die *Oink-oink*" Uh-huh. "Oink," dis omtrent soveel soos hulle weet. "Wel, ek sal jou sê ek is net so goed as jy is. Oink-oink!" Sien, hulle verwerp die leierskap van die Heilige Gees, want die Bybel het gesê dat as jy die wêreld lief het of die dinge van die wêreld, die liefde van God is nie eens in jou nie.

140 Wat maak julle eienaardig? Julle is 'n heilige volk. Wat het jy gedoen? Uit daardie land gegaan. Jy is oorkant in 'n ander Land. Hoe het jy daar oorkant gekom? Dis die beloofde Land. Watter soort van 'n belofte? "Dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, Ek sal My Gees uitstort op alle vlees." Deur een Gees is ons almal gedoop binne-in hierdie een beloofde Land. Amen. Broers en susters, halleluja, met die egtheid van hart, geen jaloesie nie, geen vyandskap nie, niks! Ek gee nie om as 'n broer afdwaal nie, maak nie saak wat hy doen nie, jy sal agter hom aangaan.

141 Ek het agter 'n broer aangegaan nie lank gelede nie, het afgedwaal. 'n Jong kêrel het vir my gesê, het gesê, "Laat daardie skelm gaan. Laat hom alleen."

142 Ek het gesê, "As ek ooit by 'n plek kom dat my hart nie saam met my broer gaan nie, dan is dit tyd vir my om na die altaar te gaan, want ek het in ongenade verval." Ek het gesê, "Ek sal gaan so lank as hy asem in sy liggaam het, en ek sal hom iewers langs die pad vang." Ja, meneer. En ek het hom gevang, halleluja, hom teruggebring. Ja, meneer. Hy is terug in die kudde veilig nou. Ja, meneer. Hy sou afgedwaal het so seker as die wêreld.

143 'n Tyd gelede toe ek daardie arme klein vroutjie daar sien sit het, en die geregsbode het my geroep, het gesê, "Tog, sy behoort in 'n dwangbuis." Het gesê, "Sy is net waansinnig, sy is van haar kop af." Sy—sy, hulle het haar in 'n hotel gesit. Hulle het gekom.

Ek het gesê, "Dis alles reg."

144 Gesê, geregsbode het gesê, "Tog, Billy!" Ek ken hom baie goed, en ek het hom geken sedert ek 'n kind was. Hy het gesê, "As daar enigiets is wat ek kan doen om jou te help."

Ek het gesê, "Dis alles reg."

Gesê, "Kan jy haar help?"

Ek het gesê, "Nee, maar *Hy* kan. Ek het gesê, "Net 'n oomblik."

145 So hulle het haar daar uitgebring. En toe sy weggegaan het 'n tydjie gelede, in vrede. Wat was dit? Ons het 'n gebed uitgestuur agter haar aan. Amen! Sy was so . . .

146 Hulle het gesê, "Wil jy 'n dokter hê?" Gesê aan haar man, "Wil jy 'n dokter kry?"

147 Gesê, "'n Dokter kan niks vir haar doen nie." En dis reg. Sy is kranksinnig, dokter kan niks vir haar doen nie.

Gesê, "Ons enigste hoop is kom *daar*."

En hy het gesê, "Billy, ek kan dit nie verstaan nie."

Ek het gesê, "Ek verwag nie van jou om te nie, sien. Verwag nie van jou om te nie."

148 Maar, o, goeiste, ewemin verstaan ek dit! Nee. Maar, broer, God in die Hemel . . . ek was weg, daarbuite eenmaal, Iets het agter my aangekom. Amen! Dit was nie omdat ek wou kom nie, maar, nee, Iets het agter my aangekom. Want voor die grondlegging van die wêreld, het God voortbestem, halleluja, dat ons Syne sou wees, tot Sy eer en glorie. Luister! Diegene wie Hy vooruitgeken het, het Hy wat? Geroep. Is dit reg? Het Hy jou geroep? Ja! Hoekom het Hy jou geroep? Hy het jou vooruitgeken. Diegene wat Hy vooruitgeken, het Hy geroep; diegene wie Hy geroep het, het Hy geregverdig. Is dit reg? En diegene wie Hy geregverdig het, het Hy verheerlik! Amen! Dis wat die Bybel gesê het. Diegene wie Hy vooruitgeken het, het Hy geroep. Elke geslag! Diegene wie Hy geroep het, het Hy alreeds verheerlik. Wat? Laat my die Skrif hier lees. Goed.

Hulle voortbestem tot die aanneming van kinders deur Jesus Christus tot homself, volgens Sy eie *beswil* . . .

Tot die lofprysinge van Sy *glorie* . . .

149 O, begryp julle dit? Tot die lofprysing van Sy glorie! Dat Hy daar kon sit in die Ewige eeue wat moes aanrol, en Sy kinders sou skreeu, "Abba, Vader! Abba, Vader!"

150 En die Engele sê, "Waarvan praat hulle? Waarvan praat hulle?"

151 So pragtige getoon in die verlore seun. "Ek was verlore." "Hierdie is my seun. Hy was verlore en nou is hy gevind. Hy was dood, en hy lewe weer. Bring voort die vetgemaakte kalf, die beste kleed, 'n ring en sit dit aan sy vinger. En laat ons . . . " Geen wonder toe die môresterre saamgesing het, het die seuns van God geskreeu van vreugde nie, want hulle het die plan van verlossing gesien, God het jou naam op die Boek gesit voor die grondlegging van die wêreld.

152 Nou sê jy, "Calvyn het so iets geglo." Ek glo nie Calvyn nie. Calvyn was 'n moordenaar. Calvyn het 'n man laat doodmaak omdat hy in Jesus se Naam gedoop het. Hy was 'n vabond, moes bekeer word, self. Ja, meneer. Maar wat hy gesê het, omtrent

sommige van die dinge wat hy gesê het, was reg. Moenie . . . maar wat hy . . . Sy aksie, 'n man wat 'n man sal doodmaak vir iets soos dit, dis verskriklik, dis sonde. Goed.

Waarin hy aan ons oorvloedig . . .

153 O, wag, ek het nie daardie "aanneming" gekry nie, het ek? Is ek te laat? Laat ons sien wat die horlosie hierbo sê, watter tyd ons het. Goed. Net—net laat ons net tien minute neem om die ontwil van hierdie mense wat so lank gekom het. Kyk. Kyk.

154 "Aanneming," laat my julle wys waarom dit gedoen word nou. 'n Vader het 'n groot koninkryk, hy ry rond. Nou hy het 'n seun gebore. O, hy is so bly! (Dis God.) So julle weet wat daardie vader doen? Hy kry die allerbeste opvoeder, leermeester. Julle weet wat 'n leermeester is, weet julle nie? Dis 'n onderwyser. Hy kry die allerbeste onderwyser wat hy kan kry in die land. (En dan gaan ons nou, luister.) En hy vind die beste onderwyser wat hy kan vind. Hy kry nie net 'n niksnuts nie, hy wil hê sy seun moet 'n regte kêrel wees.

155 Wil julle nie julle kinders so hê nie? Sekerlik, beste wat jy hulle kan gee! Ja, meneer. So as 'n natuurlike man dit gedink het, wat dink julle dink God omtrent Sy kinders? Die beste wat Hy kon kry.

156 So, hy wil 'n man hê wat eerlik sal wees. Nou, hy wil nie hê 'n man . . . 'n man hê wat sê, "Nou, kyk, ek—ek . . . Junior, jy doen net enigiets wat jy wil, skat." "O, ja, vader, uh-huh, hy kom goed reg, hy is 'n goeie seun." Kry 'n klein klop op sy rug en 'n strooi in sy hoed. Nee, nee. Daardie kêrel sal afgedank word dadelik. Sekerlik. Hy wil 'n man hê wat eerlik sal wees. As daardie seun regkom, sê hom. As hy nie, sê hom wat verkeerd is.

157 En as 'n aardse vader dit gedink het . . . Sou jy nie wou hê 'n man moet eerlik met jou wees nie, die onderwyser eerlik wees oor jou kinders nie? Sekerlik. Wel, wat dink julle dink God? En Hy weet; ons nie, Hy wel. Ons is eindig, ons kan nie sê nie. Maar Hy is oneindig en Hy weet.

158 So, julle weet wat die Vader gedoen het? Hy het nooit gesê, "Ek gaan 'n pous kry om oor My kinders te waak nie." Ewemin het Hy gesê, "Ek gaan 'n—'n biskop kry nie." Nee, nee. Hy het dit nie gedoen nie, want Hy het geweet die pous sou verkeerd wees, so ook die biskop. Sien? Hy het nooit gesê nie, "Ek gaan 'n algemene opsiener kry om oor My kerke te waak nie." Nee, nee.

159 Hy het die Heilige Gees gekry. Dit was Sy Leermeester, uh-huh, om Sy kinders groot te maak. Goed. Nou hoe sal jy weet die Heilige Gees weet dit? Hy praat deur menslike lippe. Hoe weet jy dat Hy die Waarheid vertel? Wanneer jy sien die Heilige Gees spreek deur 'n lippe wat die Waarheid vertel presies elke keer, voorspel en gebeur net perfek, soos Samuel gesê het, dan weet jy dis die Waarheid. Dit kom reg. Want God het gesê, "As hy spreek en wat hy sê gebeur nie, moet hom nie hoor nie, want Ek is nie

met hom nie. Maar as hy dit doen, wel, hoor hom dan, want Ek is met hom." Sien? Daar is dit. Dis hoe Hy dit doen.

160 Nou, dan gaan Hy rond. Nou, wat dink julle sou daardie Leermeester sê as Hy moet opgaan na die Vader? En sê, "Jou—Jou kinders tree vreeslik op. Ek sê Jou, daardie seun van Jou, hy, hum, hy is 'n afvallige. Hy is 'n rondloper, Ek het nooit so 'n kêrel gesien nie! Goeiste, U weet wat hy doen? En daardie dogters van Jou! O, whew, Ek weet nie wat U met haar doen nie. Hmm. Wel, weet U wat? Sy lyk net asof sy . . . Sy is heel geverf soos sommige van daardie meisies daaroorkant, Filistyn. Ja, Meneer, sy wil maak soos hulle doen."

"My dogter?"

161 "Ja, U dogter." Dis wat die Heilige Gees te sê het oor die kerk vandag. Geen wonder ons kan nie 'n herlewing hê nie. Sien? Nou, dis waar.

"Wat omtrent U seun? Huh? Dieselfde ding."

"Wat?"

162 "Wel, U weet U het altyd gesê daardie skape moet saamdrom in die weiveld daarbo op daardie skaap Kos daarbo. Ja, U weet wat hy gedoen het? Hy het hulle afgejaag in daardie onkruidhoop. Hulle net daaronder geneem en hulle almal in daardie stroom gegooi, en hulle laat rondlê in daardie onkruidhoop, daardie ou wilgers geëet, en hulle is so swak hulle kan kwalik daaruit kom." Dis biskope, pastore wat die Krag daarvan ontken. "Wel, Ek vertel U die waarheid, Ek het nooit so 'n klomp senuweeagtige skape in My lewe gesien nie." Hy hou nie daarvan nie. Nee. "En weet U wat? Daardie beeste daarbo, U weet U—U het hulle gesê te voed op daardie— daardie lusern daarbo, U weet, om hulle vet te maak?"

"Ja."

"U weet wat hy hulle gee?"

"Nee."

163 "Daardie ou ysteronkruide." Ja. Hy laat hulle by verenigings en alles aansluit. U het nooit sowat gesien in U lewe nie. U het nooit sowat in U lewe gesien nie. U weet wat hy doen? Gaan daarbuite langs rokende 'n groot sigaar, agteroor. Hy het sy vrou by hom, sy dra kortbroeke soos die Filistyne daarbuite doen. Ja." Dis die soort boodskap wat die Heilige Gees moet neem oor die kerk vandag. Nou, wat dink jy daarvan?

164 Dis aanneming. Wat Hy. . .het Hy gedoen? Hy het ons—ons voortbestem tot aanneming. Hy het ons die Heilige Gees gegee; maar, wag 'n oomblik, aanneming, dis waaroor ons praat. Aanneming!

165 "Wel, U weet wat hy doen? Die biskop het gekom die ander dag en gesê. Hy het 'n klein genesingsdiens daaronder gehad, en

die biskop het gekom. Sekere kêrel, 'n broer het gekom en het gebid vir die siekes. En hy het gesê, 'Jy stop dit!'

"'O, o, ja, vader biskop, ek sal dit doen.'

"'Moenie jy saamwerk nie.'

"'O, nee, nee, vader biskop, sekerlik nie.'

166 "En hier kom Ek en vertel hom die Waarheid reg uit U Woord. Sien, hier is Dit. Ek het U wette vir hom gelees presies wat om te doen, en hy wou nie na hulle luister nie. Hy het gesê, 'O, dit was vir 'n ander eeu, 'n ander seun, 'n ander tyd. Dit beteken nie ek nie.'" Daar is dit. Dit, nou dis Waarheid, vriend. Nou sien jy nie waar die kerk sy plasing misloop nie, hoekom ons nie herlewing het nie, hoekom ons nie dinge het wat aangaan nie? Dis waar dit lê.

167 Josua sê, "Gad, ek wil hê jy moet. . .reg hierin lê jou plek volgens die bloudruk, jou plek lê hier, net hier. Jy gaan hierin Gad, en bly daar. Benjamin, jy gaan reg hier onder toe. En nou julle almal bly weg van die grens van die Filistyne." En Josua kom terug, hier hulle almal oorkant in die Filistyne, het 'n groot ou opskop, dans net op soos dit, en al die vroue geverf, en dans rond en het 'n lekker tyd. En Josua krap sy kop, en sê, "Wat nou?" Nou dis presies wat gebeur; nie almal nie, dank God, nie almal nie, maar te veel. Goed.

168 Nou wat gebeur toe? Dis wat gebeur het. Kan jy jou nie verbeel daardie Man, die Heilige Gees, bloos voor die Vader wanneer Hy dit moet sê nie? O, goeiste! "Ek—Ek—Ek het hom gesê, maar hy—hy—hy wou nie Daarna luister nie. Ek het hom dit gesê, en hom laat lees reg daar in die Boek. Ek het—Ek het 'n klein prediker laat kom en hom wys dat Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En weet U wat? Hy laat een van hulle—laat een van daardie ou bokwagters hier oorkom en hom vertel dat dit was vir 'n ander eeu. Sien? En hy het so sleg geruik teen die tyd wat hy daar oorkant kom, met bokreuk, U weet, sigare, en U weet, ensovoorts, so sleg geruik toe hy daar oorkant kom. Sien? Maar Ek sê U, daardie bokwagter het genoeg medaljes op hom gespeld gehad, want, Ek sê U, as U sy naam sou skryf in die koerant, dit sou neem (sy doodsberig) sou 'n hele bladsy neem om sy titels te maak. Ja, Meneer, hulle hou sekerlik van hom daar oorkant in daardie land, maar, Ek sê U, hy weet sekerlik nie hoe om skape te voed nie. Dis een ding daaromtrent. Hy wil net nie luister na My," sê die Heilige Gees. "Ek het hom probeer vertel dat U dieselfde gister, vandag, en vir altyd is, maar hy—hy wil dit net nie doen nie. Hy is die grootste lafaard wat Ek ooit in My lewe gesien het. Ja. En die kerk het hom 'n opsigter gemaak, 'n biskop, ensovoorts, al die mense luister na hom. En dan weet U wat? Hulle neem daardie. . .hulle het 'n klein ou dingetjie daaronder wat hulle noem 'n 'televisie.' U draai 'n klein ou dingetjie aan soos dit, en—en daardie vrou kom op en gaan

aan, alle soorte halwe rokke. En, U weet, 'n klomp van U dogters is pat-. . . "

"O, sekerlik nie!" Sien?

169 Sê, "Ja, hulle is. Ja, hulle doen dit. Hum. Sommige van hulle roep uit vir 'n herlewing, Vader, sommige van hulle wil dit regtig hê. Sommige van hulle loop regtig die pad, sommige van hulle staan net so trou op die Woord as hulle kan wees. Ander, ek weet nie wat om te doen nie, hulle—hulle is ver daarbuite. U weet wat daardie ander doen? Spot met hulle, sê, 'Hulle is net 'n klomp malles.'"

"Wel, dit laat My regtig sleg voel."

170 Maar nou laat ons die prentjie verander. Nou die Vader, Sy seun is 'n goeie seun. Sy Vader reg—reg langs, hier is 'n Leermeester, die Heilige Gees. Watter pad die Heilige Gees, Hy het gesê, "Ek gaan loop," die Leermeester het gesê, "Ek . . . "

171 Die kind het gesê, "Ek sal reg saam met U loop. Ek sal reg saam met U gaan."

"O, die heuwels is baie hoog, seun."

172 "Ek sal reg saam met U gaan. Ek het vertroue in U. As ek begin moeg word, Hy sal my hand oplig en my aanhou."

"Maar daar is leeus bo-op die heuwel daar!"

173 "Maak nie saak so lank as U hier is nie, maak nie enigsins verskil nie. Ek loop reguit saam met U."

"Daar is moeilikheid daarbo, dis gladde rotse."

174 "Ek gee nie om nie, so lank as U my hand vashou, sal ek reg saam met U loop. Ek sal reg saam met U loop."

"O, weet jy wat? Jou Pa het dit gedoen, sien. Dis goed. Ja, meneer."

175 Kom bo-op die heuwel daar. "O," Hy het gesê, "Weet U wat, Vader? U seun is net soos 'n splinter van die ou blok. Hy is absoluut, presies soos U. Elke Woord wat U sê, hy sê 'amen' Daarop. Ek—Ek moes hom laat omblaai in die Bybel die ander dag, en Dit het gesê, 'Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.' Weet U wat hy gesê het? Hy het geskreeu en sy hande in die lug gegooi, en gesê, 'Halleluja! Amen!' O! En U weet Dit sê hier, in—in U Woord, U weet, waar U gesê het, 'Die werke, hy wat aan My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen'?"

176 "Ja, Ek onthou dat Ek Dit aan My seun geskrywe. Ja, Ek onthou dat Ek Dit geskryf het."

177 "O, toe hy dit gesien het, hy het net geskreeu en op en af gespring, geskreeu, 'Halleluja, Here. Neem die hele wêreld uit my. Maak my soos Dit!' Ja, Meneer. En al daardie dinge wat hy gedoen het!"

178 "O," die Vader het dit gesê, "Ek is—Ek is so bly vir daardie seun. Dis 'n goeie seun. Goed. Hou 'n oog op hom vir 'n paar jaar, sien hoe hy—sien hoe hy aankom, en hoe hy vorder." Na 'n tyd het die jare verbygegaan. "Hoe gaan hy aan?"

179 "O, goeiste, hy groei selfs in genade! O, goeiste! Hy is net . . . Hy bombardeer die woude. Ek sê U, hy—hy is regtig . . . Tog, hy neem daardie skape, kan hulle hanteer net—net soos U doen. Hy sal hulle nooit seegras gee nie. Hy sal hulle nooit ysteronkruid gee nie. Wanneer hulle langs kom, 'ons wil by die kerke aansluit'; sê hy, 'Hou jou mond, jy het dit nie nodig nie! Nee, meneer. Hier is wat jy nodig het, "Bekeer en word gedoop, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van julle sondes. Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."' Ja, Meneer, daar is wat hy gesê het."

"O, sê hy regtig dit?"

"Ja, Meneer, hy doen dit gewis."

"Wel, dis die manier wat Ek Dit geskryf het."

"Dis die manier wat hy Dit sê. Hum! Ja, Meneer."

180 "Sommige van hulle het gesê, "Vertoef julle in die stad van Jerusalem totdat julle vervul word met krag van Bo. Sedert die Heilige Gees oor julle gekom het, wees julle getuies van My in Jerusalem, Judea en Samaria, en die uiteindes van die wêreld.' Toe hy dit gelees het, geskreeu, 'Halleluja, dis wat jy nodig het!' U weet wat hy gedoen het? Hy kry hulle reg af daar totdat hulle Dit gekry het, dis al, bly reg by hulle.

181 "En as hulle begin baklei, hy sê, 'Whoop, whoop, whoop, wag 'n oomblik, wag 'n oomblik. Dis die manier wat bokke optree, nie skape nie. Sien? Sien?' O, partymaal word hulle 'n bietjie omgekrap met hom, maar hy klop hulle net soort van 'n bietjie op die rug, sê, 'Wag 'n oomblik, sh-sh, sh-sh, sh. Dis alles reg.' Hy weet regtig hoe om daardie skape te beheer. Ja, Meneer, Ek sê U.

182 "Weet U wat?" Ek het Aartsbiskop *So-en-so* hom sien vertel dat hy 'nie na hierdie dorp kan kom om 'n byeenkoms te hou nie.' Maar, U weet, Ek het hom soort van gelei, Ek het gesê, 'Gaan in elk geval.' Sien? "Trek daardie bande terug, en moenie jy hulle laat uitgaan nie,' Ons het in elk geval gegaan! Oorgegaan in die daardie dorpe hier, het gesê, "Wel, ons sal nie borg- . . . '

183 "En U weet, die Duiwel het soontoe gegaan, gesê, 'Ek wed Jou ek kan hom uit daardie dorp hou.' Ek het gesê, 'Kan dit nie doen nie. As Ek hom sê om te gaan, sal hy gaan. Ek wed Jou hy sal gaan.' 'Nee, nee, nee, nee, nee, Ek sal hom sê. Ek sal afgaan en sê, "Nou, al my agente, julle kom almal saam. Julle wil nie enige van daardie ou dwepery daaronder hê nie, al daardie ou Goddelike genesing en daardie ou Heilige Gees goed nie. Dit het verbygegaan saam met die apostels jare gelede. Julle weet dis nie

goed nie, daar agter."' Probeer om hulle daardie ou ysteronkruid te gee, alles soos dit. Hulle . . .

184 "Maar, U weet wat, hy het reguit aan soontoe gegaan in elk geval. Reguit aan soontoe gegaan en begin lusern uit te gooi, van . . . En U weet wat, daardie skape het begin eet, hulle word so vet as hulle kan wees. Ja, Meneer. Terwyl hulle genesings en byeenkomste het, U weet, 'n klomp van daardie jong kêrels het begin. Tog, hulle het gesien as hulle 'n groot klomp hooi soos daardie lusern het. U weet wat hulle daarmee gedoen het? Dit was so goed todat hulle oorgehardloop het na die bure, gesê het, "Neem Dit! Neem Dit! Tieners, maak gereed . . . ? . . . Ja, Meneer, soos hierdie net hier. Hier is Dit net hier. Net hier is Dit, sien. Bekeer net, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus, sien, julle kan die Heilige Gees kry. Dis vir wie ook al wil, laat hom kom, laat hom hier kom om te sien wat die Bybel gesê het.' Sien? En hulle het net 'n wonderlike tyd daaronder."

185 "O, dis My seun! Dis My seun. Wel, U dink hy is goed volwasse?"

186 "Ja. Sekerlik," het die Heilige Gees gesê. "Ek sal hom toetse gee. Jong, Ek het hom *hierdie* manier probeer, hom *daardie* manier probeer. Ek het hom neergegooi, siek. Ek het hom ondergesit. Ek het hom vertrap, Ek het die Duiwel alles aan hom laat doen wat hy kon doen, hy het weer reguit opgekom. Hy het net dieselfde gekom. Sien, kom op weer. Ek het hom siek gemaak. Ek het *dit* gedoen. Ek het hom in die hospitaal gegooi. Ek het hom uitgeneem hier en Ek het *dit* gedoen. Ek het *dat* gedoen. Ek het sy vrou teen hom gedraai, Ek het sy bure teen hom gedraai, Ek het alles gedraai. Dit het nie 'n bietjie verskil gemaak nie. Gesê, 'Al maak Hy my dood, tog sal ek Hom vertrou.' Ek het sy familie doodgemaak. Ek het *dit* geneem, Ek het *dit* gedoen, Ek het *dit* alles gedoen, Ek het gedoen *dit, dat, ander*. Steeds het hy regop gestaan, 'Al maak Hy my dood, tog sal ek Hom dien! Hy is myne!'"

187 "O! Wel, Ek glo Ons behoort hom uit te roep iewers na 'n klein spesiale plek en 'n aanneming hê."

188 Nou, wanneer die vader, in die Ou Testament, verstaan het dat sy seun mondig geword het, en hy was gebrei tot aanneming. Tot! Hulle word gebore 'n kind, maar, wanneer hulle 'n seun is reg dan. Maar dan sal hulle nooit meer as net 'n kind wees nie, net 'n gewone seun, totdat hulle volwasse word en wys wat hulle is. Dan, hy roep hom uit dan.

189 Nou hier is ons, kerk. Is julle gereed? Nou dis 'n klein bietjie laat, almal byt julle vingers, knyp julle siel, en pluk julle hart, net vir 'n oomblik. Sien? Nou gaan ons die kerk plaas. Nou wanneer die kerk by daardie plek kom, Hy sê, "Manassa, jy behoort hieroorkant. Ephraim, jy hieroorkant."

190 Dan neem hy hom uit na 'n sekere plek, die vader doen dit, en hy stel hom bo-op 'n hoër plek soos hierdie, en hy het 'n seremonie, en hulle kom almal rondom. En hy sê, "Ek wil hê almal moet weet hierdie is my kind, en ek neem my seun aan. En ek wil almal laat weet, van hieraf, dat sy naam. . . Ek trek hom aan, 'n spesiale kleed aan hom. En ek wil hê julle moet weet sy naam is net so goed op enige tjek as my naam is. Hy is my kind, ek neem hom aan in my familie, alhoewel hy my kind was sedert hy gebore was. Sedert hy die Heilige Gees ontvang het, was hy My seun. Maar nou gaan ek hom posisioneel in gesag plaas. Wanneer hy afdank is afgedank, wanneer hy in diens neem is in diens geneem.

191 "En voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as jy sê aan hierdie boom, as jy sê aan hierdie berg, 'wees geskuif,' en twyfel nie in jou hart nie, maar glo dat wat jy gesê het, sal gebeur, kan jy hê wat jy gesê het." Sien? Daar is dit; daar is dit. Sien? "Hy is My seun." Hoeveel weet dat die aanneming, dat die. . . hulle het die seun aangeneem nadat hy bewys het om te wees 'n. . . Almal wat ooit die Bybel gelees het, plasing van seun.

192 Nou, God het dieselfde ding gedoen aan Sy Seun toe Hy Jesus geneem het bo-op die Berg van Verheerliking. Hy het Petrus, Jakobus en Johannes boontoe geneem, dis drie getuies op die aarde. Daar was Jesus, Moses, en Elia, en God, bo-op die berg. Daar het hulle gestaan daar bo-op die berg. En, eerste ding jy weet, hulle het gekyk, en Jesus was verheerlik voor hulle. Is dit reg? Hoeveel weet dat dit die Skrif is? Wat het Hy gedoen? Hy—Hy het Hom geklee in die kleed van onsterflikheid. En hy het gesê, "Sy kleding het geskyn soos die son." Is dit reg? En 'n wolk het hulle oorskadu. En Petrus en Johannes en hulle, het op hulle gesig geval. En hulle het gekyk, en daar het Moses en Elia gestaan, wat met Hom praat. En Moses was dood, en begrawe in 'n ongemerkde graf vir agthonderd jaar. En Elia het 'n strydwa rit geneem na die Hemel, vyfhonderd jaar voor dit. Whew! Maar hulle was steeds daar! Daar het hulle met Hom gepraat. Sien, Hy het Jesus opgeneem om hulle te sien, te sien waaroor dit alles was, sien daar, Hom hierdie dinge gewys. En hulle het met Hom gepraat, 'n gesprek met Hom gehad.

193 Toe so gou as Petrus weer teruggekyk het en die verheerliking was van Jesus af, het hulle slegs Jesus gesien, en 'n Stem het gekom van daardie wolk en gesê, "Hierdie is My geliefde Seun, luister na Hom! Sy Naam is net so goed as Myne nou. Luister na Hom!" Daar is dit, aangeneem of geplaasde seuns.

194 Nou, daar is waar God probeer om die Pinkster kerk te kry in die Boek van Efésiërs. Sien? Julle, julle verstaan? Ons moet afsluit want dit word laat, sien, die kindertjies raak slaperig. En ek wou hieronder kom by hierdie vers net hier, maar ek kan dit nie doen nie, tot die—die 13de vers, sien, die laaste deel, "geseël deur die Heilige Gees van belofte." Ons sal dit Sondag

kry, sien. Kyk. Nou, hoe, wat ons inbring, en hoe ons Daardeur gehou word.

195 Maar nou om te "plaas," hoe is julle? Julle word eers gebore in die Koninkryk deur die Heilige Gees. Hoeveel weet dit? Goed. Die volgende, julle word voorbestem tot die wat? Aanneming. Wat is dit? Julle word voorbestem tot die plasing.

196 O, Suster Scott, ek glo dit is, wat hier sit. Is jy nie die een wat bo by die huis was vandag nie? 'n Lering gaan rond iewers in die wêreld, rondom verskillende dele van die land, ek het dit gehoor, baie, dat Jesus hier op aarde is, rondloop in 'n liggaam, Hy kom in en doen *dit*. Dis 'n leuen! Sy Heilige Gees is hier, en Hy probeer Sy Kerk plaas, om Sy Kerk in orde te kry, dit in die beloofde Land te plaas, sodat hulle kan binnegaan . . . sodat alle vyande uitgedryf kan word.

197 Manassa kan nie sy land neem nie. Ek kan nie 'n genesingsdiens hê wanneer die helfte van die . . . wanneer die . . . Ek gaan daar uit en die doping in die Naam van Jesus Christus preek, en die—en die drie-eenigheid broers sê, "O, hy is ou Jesus Alleen." En ek kan nie daaroorkant gaan en Goddelike genesing hê met die helfte van hulle wat sê, "Goddelike genesing is goed," en baie van hulle geniet die wonderwerke van die Here en sê, "Wel, ek glo Broer Branham is 'n profeet, maar laat ek jou iets sê. So lank as die Gees op hom is, en hy onderskei, is hy die Here se dienaar. Maar Sy lering is sleg, Dis nie goed nie." Wie het ooit van sulke gemors gehoor? Dis of van God of nie van God nie. Dis reg. Dis of heeltemal God of glad nie God nie. Dis die manier wat dit is. Maar hoe gaan jy hê? Manassa wil nie sy grond hou nie, Ephraim wil nie sy grond hou nie, Gad wil nie sy grond hou nie, Benjamin wil nie sy grond hou nie, hulle hardloop almal buite met die Filistyne, en heeltemal vermeng. Hoe gaan ons geplaas word? Maar ons is gebore deur die Heilige Gees, almal van ons. Is dit reg? Tot wat is ons gebore? Voorbestemming . . . Dan na geboorte, is ons voorbestem tot die aanneming, om geplaas te word in die Liggaam van Christus. Julle sien wat ek bedoel?

198 Wat is die Liggaam van Christus? Sommige is apostels, sommige is profete, sommige is leermeesters, sommige is evangeliste, en sommige is pastore. Is dit reg? Ons is geroep daarna. Andere het gawes van tale, interpretasie van tale, wysheid, kennis, wonderwerke, doen van wonderwerke, al hierdie verskillende gawes. En nou wat het hulle gedoen? Hulle het dit beoefen 'n klein bietjie. Wat? Dit laat losloop soos ek weet nie wat nie. Een het opgestaan, praat in tale, en die ander een gaan voort, om te praat, [Broer Branham maak die klank van wanorde en verwarring na—Red.] dieselfde ding. Prediker sal preek, maak 'n altaaroproep, en iemand staan op, praat in tale en "Halleluja, glorie aan God." As die—as die prediker sou aangaan met sy boodskap, gesalf, dan sê die mense, "ou terugvaller." Sien, dis omdat hulle nie geleer word nie.

199 Die Bybel het gesê die gees van die profete is onderdanig aan die profeet. God is geen skepper van verwarring nie. Wanneer ek hier staan, of 'n prediker sou hier preek onder die salwing van God. Maak nie saak hoe graag jy wil praat met tale nie, jy bly stil totdat God hier klaar is. Dan as jy met tale praat, dit kan nie net 'n sekere herhaling van Skrif wees nie, want God het gesê moenie nuttelose herhaling gebruik nie. Maar dis 'n boodskap direk aan iemand. Vra my eenmaal, sit jou vinger op een keer wat die Heilige Gees ooit, onder die onderskeiding, iemand vertel het, 'n Skrif oor en oor herhaal het. Dit het hulle iets vertel wat verkeerd was met hulle en iets wat hulle gedoen het, en iets wat hulle moes doen of iets moes gebeur, of iets soos dit. Is dit reg?

200 So is praat in tale en uitleg! As daar een in die kerk is wat met tale praat, en 'n ander wat uitlê, laat dit hierdie sê. Laat Broer Neville opstaan en praat met tale, en hierdie broer hier die uitleg gee, sê, "Vertel hierdie man hier dat hy gister hier uitgegaan het en iets gedoen het wat hy nie moes nie. Nou die dokter het hom vandag vertel hy het kanker. Gaan maak daardie ding reg, kom terug hier en kom reg met God."

Die man sê, "Waarlik, dis die waarheid." Dan is God met jou.

201 Maar hoe gaan ons dit op hierdie manier doen? Sien? Dis net [Broer Branham boots die klank van wanorde en verwarring na—Red.], glad nie, enige plasing nie. Nou dis . . . Sien, Efésiërs, probeer . . . Sien, hoe hulle dit mis? Sien, dan mis hulle dit. Ons is voorbestem tot die aanneming van seuns! Nou hoeveel verstaan wat ek bedoel, steek julle hand op. Aanneming! Ons is gebore in die Gees van God, sekerlik, ontvang die Heilige Gees, en skreeu, "Abba, Vader! Halleluja! Eer aan God!" Ons is, dis reg, ons is kinders, maar ons kan nêrens kom nie. Ons kan nie die Filistyne verslaan nie.

202 Kyk na Billy Graham wat daar oorkant staan. En daardie Mohammedaan wat sê, "Bewys Dit."

203 Kyk na Jack Coe wat onder oorkant staan. En daardie ateïs, daardie Kerk van Christus wat hande skud met die ateïs daar buite, en hand neem. Veronderstel om 'n Christen te wees, en skud die hand van 'n duiwel soos Joe Lewis, en 'n vrydenker, en vloek selfs God en het gesê "daar was geen ding soos 'n God nie, in elk geval, om mee te begin nie," en dinge soos daardie. En 'n kerk wat hulself 'n Kerk van Christus noem, skud hande met hom, en kies kant teen Broer Jack Coe. Hoe gaan ons enigiets doen? En die Pinksters, baie van hulle, teen hom; wanneer, elke prediker in ons land behoort toon-ten-toon met hom te staan, en sê, "God, stuur af U Krag." Sien, daar is ons, waar dit nie geplaas kan word nie.

204 Ephraim wil nie bly nie. Een van hulle gaan hier oorkant, ons vind Manassa kom hier oorkant, sê, "O, goeiste, die Here het my 'n goeie mielieland gegee!" Dan hier oorkant kom hier, Gad, sê,

"Wel, nou, wag 'n oomblik. Ek is veronderstel om hawermout te verbou, maar ek gaan mielies ook kry. Halleluja!" Jy sien? Jy het niks te doen met mielies nie; kry hawermout, hawermout is jou deel om te verbou. Jy is nie veronderstel om skape op te pas wanneer jy veronderstel is om beeste op te pas nie. God wil die kerk plaas. Maar elkeen van hulle wil dieselfde ding doen. "Halleluja!" En jy kan hulle nie 'n ding daaromtrent vertel nie. Nee, nee. Hulle het steeds daardie bokkerige natuur, "Stamp, stamp, stamp, stamp, stamp, stamp, stamp." Sien, jy kan hulle nie vertel nie. Dis reg. Nou, is dit nie waar nie? En jy kan nie die kerk plaas nie. Sien?

205 Die kerk is veronderstel om voorbestem te wees tot die aanneming van kinders, waar 'n man . . . God 'n man kan neem en hom aanneem binne-in die familie, en hom iets gee. Dat, eerste, dit toets en sien of dit reg is. Die Bybel het gesê toets die gees. Hierdie man beweer 'n sekere ding, toets dit en sien of dit reg is. As dit so reg is, beweeg reg daarmee saam. Sê dan, "Here, stuur ons iets anders." Bly beweeg, sien, bly beweeg tot elke kêrel sy plek neem. Dan gaan julle die kerk van God sien sy plek begin neem. Dan is wanneer die Filistyne sal begin terugstaan. Die kortbroeke sal afgaan, hare sal afgroei, gesigte sal gewas wees; sigare sal weg wees. Dis reg. Wanneer die kerk begin kom in sy magtige Krag, wanneer ons 'n Ananias en Sapphira het, en 'n paar van hulle. Ja, meneer. Julle sal sien wanneer daardie heilige Kerk saamstaan in Sy Krag, posisioneel geplaas as seuns van God, aangeneem in die familie van God, kragtige Kerk wat daar staan in sy glorie. O, dis waarvoor Hy kom.

206 Sien hoe ver ons weg is, broers? Julle kan nie eens saamkom oor Skrif nie. En enige man, enige man wat nie die waterdoping in die Bybel kan sien, in die Naam van Jesus Christus nie, hy is of blind of iets verstandelik verkeerd. Dis reg. En dis waar die groot geveg is.

207 Ek sal—ek sal enige persoon vertel wat my enige Skrif sal bring waar enigiemand ooit gedoop was in enige ander naam behalwe die Naam van Jesus Christus, in die nuwe kerk. Of, as hy enige ander manier gedoop was, moes hy weer oorgedoop word in die Naam van Jesus Christus, om die Heilige Gees te kry. Kom wys julle my. Daar's nie sodanig nie. Daar is nie so 'n opdrag nie. Toe Jesus daaroorkant gesê het, "Gaan julle daarom, onderig alle nasies, doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Vader, Seun, nog Heilige Gees, geen een is 'n naam nie, geen van hulle. Petrus het omgedraai, reg tien dae later, gesê, "Bekeer, en word gedoop, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van sondes." En oral in die Bybel.

208 En dan hier was sommige gedoop daaronder, sekere ander manier, deur Johannes, net tot bekering. Paulus het gesê, "Julle moet weer herdoop word. Julle moet weer kom."

209 "O, maar ons is gedoop deur 'n groot heilige man, Johannes. Hy het Jesus gedoop."

210 "Goed, hierdie is die Evangelie. Hierdie is die Gees van God wat aan my geopenbaar moes word. Ek is 'n apostel van die Here, en as 'n engel uit die Hemel kom en enigiets anders preek . . . "

211 Laat my dit lees. Die Bybel het gesê, "As 'n en- . . . " Paulus het gesê, "As 'n engel uit die Hemel enigiets anders gesê het," biskop, aartsbiskop, pous, opsiener, wat ook al hy mag wees, "as hy enigiets anders preek behalwe Hierdie wat ek aan julle gepreek het, laat hom vervloek wees." Daar is geen . . . Ons het nie sulke gewoontes soos daardie nie. Nee, meneer. Jy net . . . Daar is glad nie so 'n ding nie. Julle, ons . . . En toe—toe, sien, hoekom is dit mense kan dit nie sien nie? Hoekom is dit mense wil nie—wil nie, wil dit nie glo nie? [Iemand in die vergadering sê, "Voorbestem"—Red.] Sien? Iemand het dit net daar getref, Gene. "Voorbestem," presies. Hoekom? "Almal wat die Vader My gegee het sal" (wat?) "na My toe kom." Hoe presies! "Almal wat die Vader My gegee het sal kom, sal na My toe kom." Wat is die fout met my, ek wat hier probeer soek? Hier is ons. Goed.

212 Laat my net hierdie vers lees en dan sal ek julle vertel wat Paulus, die dinge wat . . . Die einste Boodskap wat ek vanaand preek, hier is wat Paulus gesê het oor voorbestemming, oor waterdoping in die Jesus se Naam, die Heilige Gees doping, die plasing in die kerk, ensovoorts. Hier is wat hy gesê het.

> *Ek verwonder* (hierdie Galásiërs gesê) *dat* julle *so gou* beweeg *het van hom wat julle geroep het* tot . . . *genade van Christus* . . .
>
> Ek is so skaam oor julle, met ander woorde, dat julle iemand laat inkom en julle laat wegdraai Daarvan af, *tot 'n ander evangelie:*
>
> *Wat nie 'n ander is nie; maar daar is sommige wat julle lastig val, en die evangelie van Christus sal* verhinder, *die* ware *Evangelie van Christus* verhinder.

213 Maar kyk. Nou, onthou, dit was Paulus wat elke persoon verplig het wat nie gedoop was in die Naam van Jesus Christus nie, om te kom en weer oorgedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Hoeveel weet dis waar? Hoeveel weet dit was Paulus wat gesê het hierdie geheime was verberg sedert die grondlegging van die wêreld, en is geopenbaar aan hom, dat ons voorbestem was om seuns te wees, en, tot aanneming. Dit was Paulus. Kyk hier wat hy gesê het.

> *Maar as ons, of 'n engel uit die hemel, enige ander evangelie preek aan julle as wat ons aan julle gepreek het, laat hom vervloek wees.*

214 Sê nie net, "Ek stem nie saam met jou nie, meneer." Laat hom net vervloek wees. Laat my die volgende vers lees.

Soos ons tevore gesê het, so sê ek nou weer, As enige man enige ander evangelie aan julle preek as wat ons alreeds ontvang het, laat hom vervloek wees.

215 Dis reg. Nou, broer, suster, as dit God die ander dag was, en ek—ek sê dit hopelik nie oneerbiedig nie, wat my geneem het om te sien hierdie klein. . . Nou, ek raak opgewonde; ek reken nie ek raak opgewonde nie, ek raak net geseënd deur prediking. Ek raak buite myself en ek hou julle hier tot ek weet julle is slaperig en moeg. Maar, o, ek. . . As julle—as julle net weet hoe ek julle daaroorkant wil hê! Sien? En wanneer ek, eenmaal sê ek dit weer, wanneer ek. . . wanneer Hy gesê het. . . Ek gesê het, "Dit sou doen. . . "

Hy het gesê, "Sou jy graag wou sien wat die einde is?"

216 En ek het teruggekyk en myself daar sien lê op die bed. Sekerlik ken julle my lank genoeg om te weet dat—dat—dat ek julle die Waarheid vertel. Ek wil julle iets vra, soos Samuel gesê het voor hulle Saul gesalf het, het ek ooit julle enigiets gesê in die Naam van die Here behalwe wat waar was? Is dit reg? Dit was altyd waar. Het ek julle ooit kom smeek vir geld of enigiets soos dit? Nee, sien, ek het nooit. Het ek ooit enigiets gedoen behalwe my beste probeer om julle na Christus te lei? Presies.

217 Nou wil hulle sê ek is 'n verstandstelepaat, julle weet, 'n supersensoriese waarnemer. Natuurlik, daardie dinge moet opkom, die Bybel het gesê hulle sou. Soos Jambres en Jannes Moses weerstaan het, hulle het baie amper dieselfde ding gedoen wat Moses het, totdat dit gekom het by 'n konfrontasie. Dis reg. Maar onthou, Jambres en Jannes kon nie genees nie. Hulle kon nie genees nie. Hulle kon plae bring, maar hulle kon hulle nie wegneem nie. Sien? Goed. Nou, God is die Geneesheer. God se Woord bly Waarheid.

218 Ek het probeer eerlik wees met julle. Ek het julle die Waarheid probeer vertel. Ek het—ek het. . . vir omtrent een-en-dertig jaar, het ek gestaan by hierdie preekstoel, aan en af, vir een-en-dertig jaar, en eendag mag weggaan om te gaan na Heerlikheid langs hierdie preekstoel. Daar was 'n vrou, 'n dogter, vader, broers, almal begrawe reg daaroorkant, dierbare vriende. Ek het hulle kiste en blomme daar geplaas gesien. En geweet dat eendag myne sal wees, ook. Nou, dis waar. Maar opreg, uit my hele hart, ek vertel julle met my hele hart, ek glo ek het aan julle gepreek die ware Evangelie van die Here Jesus Christus. Ek glo dat julle gedoop moet word, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, en die doping van die Heilige Gees ontvang. En wat okal julle doen, dit sal julle bring by 'n vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, saggeaardheid, geduld, geloof.

219 En die ander dag, wat met my gebeur het op daardie môre, weet ek nie. Ek kan nog nie sê of ek hier by my liggaam was en 'n

gesig gesien het, of, of ek weggeneem was van hier, daaroorkant nie. Ek weet nie, ek kan nie sê nie. Enigste ding wat ek weet, dat ek—ek was altyd bang vir sterf, daardie klein plek van steek. Maar nie bang dat Jesus my nie sou kom kry nie, nou, ek was nie daarvoor bang nie, want ek—ek het dit nie gevrees nie; maar as ek julle sou ontmoet en net 'n klein ou mistigheid wees wat buite deur die lug vlieg. Maar ek sien nou. Toe ek daardie mense gesien het, hulle was werklik.

220 Ooit 'n man was wat ooit Pinkster verteenwoordig het en 'n ware apostel was, dit was F. F. Bosworth, skoon, reguit, ware Evangelie, sien, dit was Bosworth. En toe ek hom in my arms gehou het, en ek geskreeu het, "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en die perderuiters daarvan."

221 Hy het gesê, "Seun, bly op die veld." Gesê, "Klop sommige van hierdie jong kêrels na die buitelandse velde, as jy kan, voordat hulle 'n klomp fanatisisme daaroorkant kry. Neem hulle daardie ware Evangelie wat jy het, seun." Hy het gesê, "Jou bediening het nog nie begin tot wat dit sal wees nie." Gesê, "Jy is 'n splinter nuwe Branham." Gesê, "Jy is jonk, seun."

Ek het gesê, "Broer Bosworth, ek is agt-en-veertig jaar oud."

222 Hy het gesê, "Jy het nog nie begin nie." Hy het gesê, "Moenie laat hierdie jong Pinkster predikers daaroorkant gaan met 'n klomp onsin, en die hele ding vergiftig nie, en kry al die—die diplomate en die hele land Daarteen kry voordat jy daar kom nie." Gesê, "Beweeg aan, Broer Branham, gaan aan met die Evangelie wat jy het." Hy het gesê, "Ek—ek glo dat jy 'n apostel, of 'n profeet van die Here onse God is."

223 Ek het na hom gekyk, ek het hom in my arms omhels. Ek het gesê, "Broer Bosworth, ek wil jou 'n vraag vra. Wat was die gelukkigste tyd van jou. . . oomblik van jou. . . al jou jare wat jy gepreek het?"

Hy het gesê, "Reg nou, Broer Branham."

Ek het gesê, "Weet jy dat jy sterf?"

Hy het gesê, "Ek kan nie sterf nie."

Ek het gesê, "Wat. . . Hoekom sou jy sê dit is jou gelukkigste tyd?"

224 Daar was 'n klein deur. Hy het gesê, "Ek lê hier met my gesig gedraai na daardie deur. Omtrent enige oomblik, die Een wat ek liefgehad het, die Een waarvoor ek gepreek het en voor gestaan het vir, al hierdie. . . my lewe, Hy sal kom na daardie deur vir my, en ek sal saam met Hom gaan." Ek het na hom gekyk, ek het gedink, ek—ek het gekyk na dieselfde as wat ek sou na Abraham, Isak, of Jakob."

225 Ek het sy hand geneem, ek het gesê, "Broer Bosworth, ons glo albei dieselfde God, ons glo dieselfde ding. Deur die genade van God sal ek preek totdat die laaste asem my liggaam verlaat.

Ek sal getrou aan God bly soos ek weet hoe om te bly. Ek sal nie toegee op die Evangelie aan enige kant of enige plek nie. Ek sal so getrou bly soos ek weet om te bly. Broer Bosworth, ek sal jou ontmoet in 'n beter Land waar jy nie jonk sal wees nie . . . of nie meer oud sal wees nie, maar jonk."

226 Hy het gesê, "Jy sal daar wees, Broer Branham, moet jou nie bekommer nie."

227 En 'n uur voor dit, twee ure voordat hy gesterf het . . . omtrent twee maande later, ek het gedink hy was sterwende toe, my vrou het ingekom en hom gesien (hy het altyd so baie van haar gedink), en toe Mev. Bosworth. En omtrent twee uur het hy gelê, slapende. Hy het opgelig, hy het gekyk, en hy het opgespring uit sy bed. Hy het gesê, "Moeder, wel, ek het jou nie gesien vir jare nie! Vader! Broer Jim, tog," het gesê, "laat ons sien, jy was een van my bekeerlinge vir die Here, by Joliet, Illinois." Hy was dood vir vyftig jare. Sien? Ja! Hy het gesê, "U is Suster *So-en-so*. Ja, ek het jou na die Here gelei by—by die Winnipeg byeenkoms. Ja. Tog, hier is Suster *So-en-so*. Ek het jou nie gesien nie . . . Ja, sien, jy het na die Here gekom by *so-en-so*." En vir twee volle ure het hy hande geskud met diegene wat hy na die Here gelei het. Reguit teruggeloop na sy plek, en gaan lê, sy hande gekruis, en dit was dit. Het Broer F. F. Bosworth daardie Land binnegegaan wat Jesus my laat sien het die ander aand? As dit is, is hy daar 'n jongman vanaand. God rus sy siel. En mag ek ooit so getrou lewe dat ek daardie Land sal binnegaan. En mag ek so 'n—'n getroue dienaar aan Christus wees!

228 Ek is skaam vir my lewe. Ek is skaam. Ek—ek—ek . . . As ek voor julle mense gesondig het, julle—julle skuld dit aan my om my te kom vertel. Sien? Ek probeer reg lewe in alles wat God my laat doen het deur Sy genade. Sien? Sien? Maar, kyk, vriende, julle skuld dit aan my as julle enigiets weet wat verkeerd is in my lewe, kom sê my so. En, kyk, ek skuld dit aan julle om hier te staan and julle die ware Evangelie te preek. Ek skuld dit aan julle, want ek verwag om elkeen van julle gesigte te sien, jong manne en vroue, net oorkant daardie versperring daaroorkant. Dis net een asemteug tussen waar julle nou is en daar. Nou, dis reg. Dis daar.

229 En mag die God van alle genade, die God van die Hemel, nie onheilig nie, maar in eerbiedigheid. "Pappa," op daardie groot dag wanneer ons voorgestel word daaragter en weer ons aardse liggame neem, sodat ons kan drink, en die druiwe kan eet en die vrugte van die land. "Hulle sal huise bou en andere sal dit nie bewoon nie. Hulle sal wingerde plant en andere sal nie daarvan eet nie." Sien? Een man plant 'n wingerd, sy seun neem dit, en dan neem sy seun dit, en syne. Maar nie in hierdie geval nie; hy sal dit plant en daar bly. Sien, dis reg. Ons sal daar vir altyd wees. En mag, in daardie Land, mag ek elkeen van julle sien.

230 En ek weet dat ek hier binne praat selfs met drie-eenheid predikers. En, my broers, ek sê dit nie—ek sê dit nie om seer te maak nie. Ek is 'n drie-enige, ook, ek glo in die drie-eenheid, die drie eienskappe van God (Vader, Seun en Heilige Gees), maar nie drie Gode nie. Sien? Ek glo dat daar drie eienskappe is, absoluut, ek doen dit met my hele hart, "Vader, Seun, en Heilige Gees," maar hulle is nie drie Gode nie. Hulle is net drie eiens-. . . of van die drie ampte van God. God het eenmaal gelewe in die Vaderskap, Seunskap, en nou die Heilige Gees. Dis dieselfde God in drie ampte. En hulle het. . .

231 En Vader, Seun, en Heilige Gees, is nie die Naam van God nie. God het een Naam, en Sy Naam is Jesus. Die Bybel het gesê, "Die familie in die Hemel is genaamd Jesus en die familie in die aarde is genaamd Jesus." Dis reg. So God het een Naam, menslike Naam. Hy was. . . 'n naam gehad genaamd Jehova-jireh, Jehova-rapha, dit was Sy titels van Goddelikheid. Maar Hy het een Naam gehad, Jesus! En dis Hy.

232 En waarlik, my broers, as julle verskil met my, onthou, ek—ek—ek sal julle daaroorkant ontmoet, in elk geval. Sien? Ek sal—ek sal daar wees saam met jou. En God seën julle. En ek het julle lief.

233 En ek wil hê die kerk moet onthou nou, Sondagoggend gaan ons hiervandaan optel en ek gaan probeer om julle nie langer as twee uur te hou nie, sodat ons 'n middag byeenkoms kan hê, as ons moontlik kan, en as ek so goed doen soos ek vanaand gedoen het, tien-dertig. Vergewe julle my? Vriende, ons het nie baie tyd oor nie, skat. Ek—ek noem julle "skat" want julle is. Julle—julle is my skatte. Weet julle wat? Laat. . . Hier het 'n Skrif gekom. Paulus het gesê, "Ek is jaloers oor julle (Sy Kerk) met goddelike jaloesie, want ek trou julle." Daar is dit, dit het dit. Dis reg. "Want ek trou julle, verloof julle aan Christus, as 'n rein maagd."

234 Nou, as dit waar was toe op daardie dag, hy het gesê, (hulle, die mense het vir my gesê), gesê, "Jesus sal na jou toe kom, en jy sal ons voorlê aan Hom," 'n rein maagd. "Geoordeel deur die Woord wat jy aan hulle gepreek het." En, kyk, as ek aan julle gepreek het net wat Paulus aan sy kerk gepreek het, as sy groep inkom ons s'n ook, want ons het dieselfde ding. Amen. Laat ons ons hoofde nou buig terwyl ons sê, "God seën jou."

AANNEMING 2 AFR60-0518
(Adoption 2)
AANNEMING REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 18 Mei 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1996 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org